basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2022**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 41 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: Roman | (35) |
   | AFDELING B: Drama | (35) |
   | AFDELING C: Kortverhale | (35) |
   | AFDELING D: Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| *1. Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| *2. Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Veertig sinkplate teen die suidewind" | 18 | 33 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 17 | 35 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "By die robot in Eerstelaan" | 17 | 37 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Pryslied" | 18 | 40 |

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

Het hulle koeëls gekry? Elke keer as hy bergkant toe gekyk het, het hy probeer raai in watter kloof die skerm staan en waar die olifante skuil.

En die hele tyd het die vernedering om weggejaag te wees soos 'n tweede skaduwee met hom saamgeloop. Hulle bosmense is geheg aan mekaar, afhanklik van mekaar. Hulle keer vir mekaar. Goed, hy kon vir sy pa gevra het om hom nog 'n kans te gee; dis waarvoor sy pa die volgende dag gewag het. Hy weet. Maar hy het ook geweet dat dit net uitstel sou wees; daar sou elke keer 'n volgende keer wees dat hy weer nie die wrewel sou kon inhou nie. Dit het gevoel of sy voete moet loop. Weg. Hy het dit oorweeg om uit te vind in watter rigting 'n mens moet loop om by die diamante uit te kom ... Lange Kloof se kant toe oor die berg? Dit was sommer dink uit benoudheid. Hy het geweet waarheen hy moes gaan, sy hande het immers hout geken ...

"Nou wil jy skielik werk hê! Wie sê vir jou ek het iemand nodig?"

"Ek het maar gekom omdat mister MacDonald eendag gesê het."

"Dink jy ek het nog al die tyd vir jou gewag? Of het julle werklik so min verstand as wat hulle sê julle het?"

1.1 Waaroor het Saul van sy pa verskil wat Saul laat besluit het om die Bos te verlaat? (1)

1.2 Gee TWEE redes waarom MacDonald nie vir Saul betaal het toe die ander werkers betaal is nie. (2)

1.3 Wat het Saul die dag toe sy pa-hulle hout gebring het, op hulle wa gesien wat hom ontstel het? (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4) neer.

"Dit het gevoel of sy voete moet loop." (Reël 8)

Hierdie optrede van Saul wys dat hy ... was.

A opstandig
B ondankbaar
C verward
D ongemaklik (1)

1.5 Saul het gesien hoe MacDonald sy pa, Joram, verneder het.

Sê hoe Saul vóór hierdie insident oor sy pa gevoel het en hoe Saul se houding teenoor sy pa ná hierdie insident verander het. (2)

1.6 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Saul het Patterson in opdrag van MacDonald Bos toe gevat. | A | Saul het besluit om nie meer met die Pictor weg te gaan nie. |
| 1.6.2 | Saul se broers kon nie meer hout aan MacDonald verkoop nie. | B | Saul is in die sosiale kringe van Knysna aanvaar. |
| 1.6.3 | Saul het vriende geraak met James Stewart. | C | Saul het oor Kate teen MacDonald in opstand gekom. |
| 1.6.4 | Saul het ná Oupoot se dood nuwe beloftes gekry. | D | Saul het besluit om Swellendam toe te gaan vir ander geleenthede. |
| | | E | Saul het die geleentheid gekry om goud te kon delf. |

(4 x 1) (4)

1.7 Watter TWEE karakters het saamgestem dat Saul 'n pan gesteel het om ryk te kon word? (2)

1.8 "Of het julle werklik so min verstand as wat hulle sê julle het?" (Reël 15 en 16)

Verduidelik hoekom Saul ongelukkig oor hierdie woorde van MacDonald kon wees. (1)

1.9 MacDonald wou nie hê sy dogter moes met Saul vriende wees nie en die mense van Knysna het die boswerkers vermy.

Waarom is hierdie kwessie vandag steeds relevant? (1)

1.10 Was Saul 'n goeie rolmodel vir sy jonger familielede? Motiveer jou antwoord deur na Saul se keuses oor sy toekoms te verwys. (1)

1.11 Wat, dink jy, is Kate se mooiste eienskap in haar vriendskap met Saul voordat haar pa haar Kaap toe gestuur het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Kate MacDonald. Onmoontlik, maar dit was sonder twyfel sy. Die weerbarstige kind was skielik groot en het met die grootste selfversekerdheid langs die wa in die modder gestaan. Hy het geweet dat sy sou mooi wees as sy groot is, maar nie gedink só mooi nie. Toe hy haar die laaste keer gesien het, was sy amper vyftien ... sy moet dus nou twee-en-twintig wees.

Hy kon nie besluit of hy moet nader stap en haar verras, of wag totdat sy hom herken nie. Aan die ander kant, hy skuld Kate MacDonald niks en sy skuld hom niks; as sy teenwoordigheid haar dalk in die verleentheid stel, moet sy so gou as moontlik agterkom dat Saul Barnard verkies om op *sy plek* te bly. Veral waar dit die MacDonalds aangaan. Die beste sou dus wees om háár te verras.

Hy het stadig opgestaan en nader geloop. "Kate MacDonald!" Hy het dit nie té verras laat klink nie.

Die verbasing op haar gesig toe sy omdraai, was oop en eerlik en haar mond het sonder 'n woord oopgeval.

"Dag, Kate."

"Wel! Ek het gehoor dat Charles Dickens wraak geneem het; hulle het my egter nie gesê hoe deeglik nie." "Hallo, Saul."

1.12 Vertel hoe Saul Barnard nou ná ses jaar van gouddelwery in Knysna behandel is. Gee TWEE feite. (2)

1.13 Wat het Kate nou na jare hier in die Bos kom doen? (1)

1.14 Uit hulle gesprek op pad Meulbos toe was dit duidelik dat Saul en Kate nie dieselfde oor dinge gedink het nie.

Noem TWEE van hierdie dinge waaroor hulle verskil het. (2)

1.15 "... Saul Barnard verkies om op *sy plek* te bly." (Reël 9)

Hoe het Saul op hierdie stadium gevoel oor wat jare gelede gebeur het toe hy by MacDonald gewerk het? Motiveer jou antwoord. (2)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.16) neer.

"Ek het gehoor dat Charles Dickens wraak geneem het; hulle het my egter nie gesê hoe deeglik nie." (Reël 16 en 17)

Hierdie woorde van Kate suggereer dat sy ...

A Saul kwalik geneem het omdat hy weggegaan het.
B nie respek het vir die persoon wat Saul geword het nie.
C Saul steeds gesien het as iemand met wie sy kon grappe maak.
D nog altyd belanggestel het in Saul en wat hy in sy lewe gedoen het. (1)

1.17 Daar was spanning tussen Saul en Kate in die roman.

1.17.1 Wie, behalwe Saul en Kate self, sou die spanning kon verlig? (1)

1.17.2 Hoe sou hy/sy dit kon doen? (1)

1.18 Beantwoord die volgende vrae.

1.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie roman is (die ontwikkeling van die houtkappers se omstandighede/die bewaring van die natuur). (1)

1.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

1.18.3 Wat kon gebeur het as die Bosmense eerder hulle eie houtbesighede begin het en nie al die hout aan houtkopers verkoop het nie? (1)

1.19 Dink aan Jozef en Saul se verhouding.

1.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering in Jozef se houding teenoor Saul plaasgevind? (1)

1.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.19.1. Die positiewe verandering in Jozef moet duidelik uitkom. (1)

1.20 Watter insident in die roman het jou ontstel? Konsentreer slegs op 'n insident in die Bos en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

*Mamma* was 'n onbekende woord, want Mana het haarself nooit só genoem nie. En *pappa* was nie net 'n onbekende woord nie, dit was heeltemal 'n onbekende begrip. Toe ek tien maande oud was, het Gavin lankal nie meer saam met ons gewoon nie. Nee, hulle is nie kwaad uitmekaar nie, hulle het vooraf besluit sy sou my alleen grootmaak. Gavin sou nie babakots op sy modieuse klere kon hanteer nie.

As jy my vra (nie dat iemand my al ooit gevra het nie), was my eerste woord 'n gil van woede. *Hoekom kan ek nie maar 'n normale baba met 'n normale ma en 'n normale pa wees nie?*

En nou is ek vasgekeer op 'n berg waar ek oor tien dae my vyftiende verjaardag moet vier, saam met my abnormale ma, my ingewikkelde gesin, my beste vriendin – *wait for this* – my pa met die peroksiedhare. Ek was vreeslik dankbaar toe Sharon vra of sy nie ook so 'n stukkie van hierdie vreemde wittebrood saam met my kan kom hou nie. (Sy dink mos my gesinslewe is opwindend. Ná 'n paar dae saam met ons op die berg sal sy beslis anders dink.) En ek was vieslik ondankbaar toe Gavin uit Johannesburg laat weet hy wil óók my verjaarsdag saam met my kom vier.

2.1 Wat het Mana anders as enige ander ma gemaak? Dink net aan wat sy gesê het. (1)

2.2 Dink aan Mana en Gavin se troue.

Gee TWEE redes waarom Hanna gedink het dat sy nie 'n normale pa gehad het nie. (2)

2.3 Watter naam het Hanna vir haarself in haar verbeelding uitgedink? (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.4) neer.

"As jy my vra (nie dat iemand my al ooit gevra het nie), was my eerste woord 'n gil van woede." (Reël 6 en 7)

Hierdie woorde van Hanna wys dat sy ... was.

A geïrriteerd
B ondankbaar
C bang
D onsensitief (1)

2.5 "Ek was vreeslik dankbaar toe Sharon vra of sy nie ook so 'n stukkie van hierdie vreemde wittebrood saam met my kan kom hou nie." (Reël 11 en 12)

Verduidelik hoekom Hanna opgewonde was omdat Sharon kon saamkom. (1)

2.6 Gavin het Hanna se vyftiende verjaarsdag saam met hulle gevier.

Sê hoe Hanna vóór hierdie verjaarsdag oor Gavin gevoel het en hoe Hanna se houding teenoor haar pa ná dié verjaarsdag verander het. (2)

2.7 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.7.1 | Mana het besluit om 'n tweede kind te hê. | A | Hanna se droom oor Yann wat Jan was, het verdwyn. |
| 2.7.2 | Sharon het vir die vakansie by Hanna-hulle kom kuier. | B | Ongewone kuiergaste het mekaar beter leer ken. |
| 2.7.3 | Daar was 'n storm op die berg. | C | Die proefbuisbaba, Tibo, is gebore. |
| 2.7.4 | Hanna het aan die einde van die vakansie haar verhaal geskryf. | D | Die verhaal oor die tandarts en sy gesin is vertel. |
| | | E | Die koningin het erkenning gekry. |

(4 x 1) (4)

2.8 Watter TWEE karakters het die idee van 'n gesamentlike wittebrood beplan? (2)

2.9 In haar verbeelding het Hanna 'n gewone ma gehad wat in tuine belanggestel het en 'n pa met 'n gewone werk.

Waarom is hierdie kwessie steeds vandag relevant? (1)

2.10 Was Gavin 'n goeie rolmodel vir Hanna? Motiveer jou antwoord deur te dink aan hulle tyd op die berg. (1)

2.11 Wat, dink jy, is Sharon se mooiste eienskap in haar vriendskap met Hanna? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Vyf minute later staan ons almal voor die huis. Margot in haar glimmende lemmetjiegroen sportpak (wat Gavin net sy kop stadig laat skud) en haar pienk-en-silwer drafskoene. Tibo en Amos elk bewapen met 'n stok wat twee keer langer as hulle is. Yann bewapen met sy Walkman en sy oorfone. Sharon bewapen met 'n geïrriteerde frons.

"Dis heel waarskynlik my laaste dag hier," sug sy. "En jou simpel stiefbroer verkies om musiek te luister eerder as om met my te gesels!"

Dis hoe hy is, wil ek sê. Ek hét haar probeer waarsku, het ek nie? Maar op hierdie oomblik hoor ons 'n vreemde dreungeluid wat ons verward na mekaar laat kyk. Vir een aaklige oomblik dink ek dis die gerammel van donderweer, maar dan onthou ek daar's nie 'n wolk in die lug nie. Wat daar wel in die lug is, sien ek toe ek saam met die res van die geselskap opkyk, is die swart spikkel van 'n helikopter wat laag oor die berg aangevlieg kom.

"Hier's ons kans om gered te word!" Beyers pluk die oorfone van Yann se kop af en gryp die lang stok uit Amos se hand. "Yann, gaan kry 'n rooi lap in die huis, enigiets rooi! Maak gou!"

2.12 Vertel van Hanna se negatiewe gedagtes oor Margot. Gee TWEE feite. (2)

2.13 By TWEE geleenthede in die roman het Margot vir Hanna verkeerd bewys.

Noem hierdie geleenthede. (2)

2.14 Waar het Margot die afgelope paar jaar gebly? (1)

2.15 Hoe het Margot gevoel oor die helikopter wat hulle kom red het? Motiveer jou antwoord. (2)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.16) neer.

"En jou simpel stiefbroer verkies om musiek te luister eerder as om met my te gesels!" (Reël 6 en 7)

Hierdie woorde suggereer dat Sharon ...

A bly was dat hy eerder musiek geluister het as om kwaad te wees.
B van Yann gehou het en graag tyd saam met hom wou deurbring.
C musiek gehaat het en bly was sy hoef nie daarna te luister nie.
D kwaad was vir Hanna oor haar simpel broer se optrede. (1)

2.17 Daar was op 'n stadium spanning tussen Hanna aan die een kant en Tibo en Amos aan die ander kant.

2.17.1 Wie van hulle sou die regte persoon/persone gewees het om dié spanning te verlig? (1)

2.17.2 Hoe sou sy/hulle dit kon doen? (1)

2.18 Beantwoord die volgende vrae.

2.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie roman is (die moderne gesin se verhoudinge/die swak verhoudinge tussen ouers en kinders). (1)

2.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

2.18.3 Wat sou gebeur het as Margot voor hierdie vakansie harder gewerk het aan haar verhouding met Yann? (1)

2.19 Dink aan die gesin se tyd op die berg.

2.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering in die kinders se houding teenoor die vakansieplek op Botterberg begin? (1)

2.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.19.1. Die positiewe verandering in die kinders moet duidelik uitkom. (1)

2.20 Watter insident aan die einde van die roman het jou laat lag? Konsentreer op die tyd ná die geboorte van die baba en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

> Hansie raak al hoe meer verleë en probeer red wat te redde is: "Duiker, ek sal kyk wat ek kan saamstuur. Sê vir Twilight ek het nog vier baadjietjies klaar. Ek stuur dit môre saam. Pienketjies. Mens moet darem iets pienks hê. Nou goed dan, Duiker, hoor. Oor en uit!"
>
> Hansie sit die mikrofoon neer voordat die stem nog iets kan kwytraak. Sy kyk skaam na Ryna, duidelik ontsteld oor Jacob se tirade. "Ag, juffrou," probeer sy verduidelik, "dis nou seker maar 'n misverstand. Jy weet, dinge op Meeuland is maar moeilik. Jacob se assistent, wat met die onderhoud van die geboue gehelp het, is al maande lank weg. En sy ou vroutjie is in die ander tyd. Hulle eerstetjie. Maar hy sal wel weer bedaar. Heidenland, juffrou. Jy weet mos die mans kan so maklik moeilik raak oor niks."
>
> Ryna kry haar jammer. "Ant Hansie," sê sy sag, "my naam is Ryna."
>
> En sy kyk in Hansie se begrypende bruin oë. Dis oë wat al seergekry het, weet sy. Dis oë wat al die wêreld se swaar kant gesien het.
>
> Maar Die Stem het haar tog ontstel.
>
> *Ek het nêrens anders om heen te gaan nie. My verlede is weg.*

3.1 Waar was Ryna net voordat sy Salamanderbaai toe gekom het? (1)

3.2 Watter TWEE take was deel van Ryna se werk op Meeuland? (2)

3.3 Waarom het Ryna nie haar regte naam (Camilla Calvin) op die aansoekvorms ingevul nie? (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) neer.

"Sy kyk skaam na Ryna, duidelik ontsteld oor Jacob se tirade." (Reël 5 en 6)

Hierdie optrede van Jacob oor die burgerbandradio wys dat hy ... is.

A opgewonde
B verward
C omgekrap
D moedeloos (1)

3.5 In hierdie uittreksel het Ryna slegs Die Stem gehoor en wat hy vir ant Hansie gesê het.

Sê hoe Ryna vóór hierdie insident oor die werk op Meeuland gevoel het en sê hoe Ryna se houding teenoor haar werk ná hierdie insident verander het. (2)

3.6 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.6.1 tot 3.6.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.6.1 | Ryna het ant Hansie ontmoet. | A | Ryna het onlosmaaklik deel geword van die geheime op Meeuland. |
| 3.6.2 | Elsabet het op Meeuland geboorte gegee. | B | Ryna het begrip gekry vir ander se swaarkry en nie net vir haar eie pyn nie. |
| 3.6.3 | Ryna het Meeuland verlaat. | C | Ryna het die verantwoordelikheid geneem om Janka te versorg. |
| 3.6.4 | Jacob het Skalla vermoor. | D | Ryna het Kaapstad toe gegaan om weer saam met Prof te gaan werk. |
| | | E | Ryna het op Salamanderbaai begin skoolhou. |

(4 x 1) (4)

3.7 Watter TWEE karakters op Salamanderbaai kon hulle harte teenoor Ryna oopmaak? (2)

3.8 "Ag, juffrou," probeer sy verduidelik, "dis nou seker maar 'n misverstand." (Reël 6 en 7)

Verduidelik hoekom ant Hansie sleg gevoel het oor Jacob se optrede. (1)

3.9 Jacob diskrimineer teen Ryna wat op Meeuland moes kom werk.

Waarom is hierdie kwessie steeds vandag relevant? (1)

3.10 Was Ryna 'n goeie rolmodel vir die leser? Motiveer jou antwoord deur te dink aan Ryna se lewe. (1)

3.11 Wat, dink jy, is ant Hansie se mooiste eienskap teenoor Ryna toe sy die eerste keer by hulle huis aangekom het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

*Baie foto's geneem – die jettie, Jannerik, Flip-Flap, die graffie.*

*Ek en Janka gaan môre wal toe vir twaalf dae. Klaar haar goedjies ingepak. Sy gaan by Elsabet bly, sy was nie laas maand daar nie. Ek gaan na ant Hansie-hulle toe. Die bekendstelling van die boek is volgende Saterdag, die 19e op Stellenbosch. Prof gaan ook daar wees. En ek moet Kaap toe gaan om verblyf te gaan soek. Dan sal ek terugkom en kom inpak.*

*Drie jaar voel nou soos 'n enkele gedagte. Ek het gekom met een koffer en 'n boks vol boeke en 'n tikmasjien. Ek gaan terug met soveel wonders. Ek het na die voëls van die hemel gekyk en gesien hoe God sorg. Ek het na die aandstiltes geluister en gehoor hoe Hy in die ruising daarvan asemhaal. Ek het begin insien dat daar 'n almagtige geordende ewewig in die natuur heers: vir elke winter, 'n somer; vir elke wolk, 'n stukkie son; vir elke storm, 'n stilte; vir elke wegvlug, 'n tuiskoms. Die balans daarvan is in ragfyn ritmes ingeweef, té groot en onbegryplik vir my verstand; al wat ek daarvan kan aflei, is dat daar vir elke moment van pyn 'n moment van vreugde is. Vir elke verwonding, weer genesing.*

3.12 Vertel van Ryna se nuwe kanse wat sy op Meeuland gekry het. Gee TWEE feite. (2)

3.13 Wie het Elsabet kom haal en weggevat van Jacob en Meeuland af? (1)

3.14 By TWEE geleenthede in die roman het Ryna vir Elsabet gehelp.

Noem hierdie geleenthede. (2)

3.15 *"Prof gaan ook daar wees."* (Reël 5)

Hoe het Ryna oor Prof gevoel? Motiveer jou antwoord. (2)

3.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.16) neer.

"*Ek gaan terug met soveel wonders.*" (Reël 8)

Hierdie woorde van Ryna suggereer dat sy ...

A nou gewonder het oor die toekoms wat sy moes aanpak.
B vrede gemaak het om terug te gaan Kaapstad toe.
C vir die eerste keer die wonders van die natuur kon beleef.
D nog steeds gewonder het wat met haar gesin gebeur het. (1)

3.17 Daar was spanning tussen Jacob en sommige mense in Salamanderbaai.

3.17.1 Wie, behalwe Jacob, sou die spanning kon verlig? (1)

3.17.2 Hoe sou hy/sy dit kon doen? (1)

3.18 Beantwoord die volgende vrae.

3.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie roman is (pyn, haat, vergifnis en genesing/geheime, bedrog, wandade en jaloesie). (1)

3.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

3.18.3 Wat sou gebeur het as Elsabet eerder op Meeuland gebly het en nie besluit het om Salamanderbaai toe te gaan nie? (1)

3.19 Dink aan Jacob se lewe op Meeuland.

3.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering in Jacob se houding teenoor Ryna plaasgevind? (1)

3.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.19.1. Die positiewe verandering in Jacob moet duidelik uitkom. (1)

3.20 Watter insident in die roman het jou ontstel? Konsentreer slegs op Janka en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Sy haal die opgevoude plakkaat wat sy die vorige aand netjies met plastiek oorgetrek het, uit Braam se ou rooi sportsak. Sy sit die sak op die sypaadjie langs die verkeerslig neer.

*Werkloos. Twee afhanklikes. Enige donasie welkom. Die Here seën u!*

Die karre jaag verby. Lien bid dat die verkeerslig nooit moet rooi slaan nie. Maar die karre stop tog. Dis 'n ou man met 'n bles wat langs haar stilhou. Hy maak of hy haar nie raaksien nie.

Wat het my besiel, wonder Lien. Ek haat jou, dink sy vir die soveelste keer. Ek haat jou regtig verskriklik baie.

Sy is so naby aan die man dat sy aan hom kan raak. Ná 'n ewigheid slaan die verkeerslig groen en die karre begin ry. Die vrou in die tweede kar hou haar arm by die venster uit en stop 'n muntstuk in Lien se hand.

"Dankie," sê Lien verleë. Die vrou jaag met 'n vaart weg. Sy voel of sy in 'n gat kan kruip. Sy het die geld net gevat, sommer net so, vir niks. Die muntstuk brand in haar hand. Sy kyk skuldig daarna. Vyf rand. Sy wonder onseker wat om daarmee te doen. Sy het vergeet om iets te bring om die geld in te sit.

4.1 Waar het Lien die pruik en die brilletjie gekry wat sy gebruik het om haarself anders te laat lyk? (1)

4.2 Noem TWEE dinge waarvoor Lien die bedelgeld wou gebruik. (2)

4.3 Waar kon Lien, volgens Roos, staan en bedel? (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

"Wat het my besiel, wonder Lien." (Reël 8) Hierdie woorde wys dat Lien ... is.

A ongemaklik
B opstandig
C aggressief
D geïrriteerd (1)

4.5 Lien het op 'n dag 'n slegte ervaring met Sproet in sy woonstel gehad.

Sê hoe Lien vóór hierdie insident teenoor Sproet gevoel het en hoe Lien se houding teenoor Sproet ná die insident verander het. (2)

4.6 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.6.1 tot 4.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 Lien het by tant Malie se koffiewinkel gewerk. | A Lien het geleer dat almal nie seerkry dieselfde verwerk nie. |
| 4.6.2 Lien het by Dirkie en Donovan se haarsalon gewerk. | B Lien het geleer om te praat as sy onregverdig behandel word. |
| 4.6.3 Lien se ma het dronk by die skool opgedaag. | C Lien het geleer dat as jy hard werk, sal jy 'n tweede kans kry. |
| 4.6.4 Lien het haar ma by die rehabilitasiekliniek besoek. | D Lien het geleer dat jy by jou werk net moet stilbly en aangaan. |
| | E Lien het verneder gevoel, maar geleer dat ander mense jou nie oor jou ouers se optrede oordeel nie. |

(4 x 1) (4)

4.7 Watter TWEE karakters het saamgestem dat Lien en Braam hulp nodig gehad het met hulle ma? (2)

4.8 "Ek haat jou, dink sy vir die soveelste keer. Ek haat jou regtig verskriklik baie." (Reël 8 en 9)

Verduidelik hoekom Lien met hierdie persoon ongelukkig was. (1)

4.9 Lien het nie by die nuwe skool vriende gemaak nie, want sy was bang hulle vra haar oor haar huislike lewe.

Waarom is hierdie kwessie vandag steeds relevant? (1)

4.10 Was Lien se ma 'n goeie rolmodel vir haar kinders? Motiveer jou antwoord deur op gebeure vóór die konsert te konsentreer. (1)

4.11 Wat, dink jy, is Tibbey se mooiste eienskap in die tyd wat hy en Lien saam gebedel het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Sy pluk die pruik oor haar kop en probeer dink wie die man is wat vir haar sit en kyk. Dis of haar brein nie wil registreer wie dit is nie.

Kuifie, besef sy met 'n skok. Hy gaap haar verbaas aan.

"Lien, wat op aarde maak jy hier?"

Sy loop vinnig terug hoek toe, maar hy roep agter haar aan. Sy maak of sy nie hoor nie. Die lig slaan groen en die karre toet vir Kuifie, wat nog steeds verbaas na haar sit en kyk. Hy ry nadat 'n kar weer vir hom toet.

Lien bewe. Sy wil eers maak dat sy wegkom, maar dan besluit sy nee. Dis háár lewe. Hy het niks daaroor te sê nie.

'n Paar minute later hou hy reg langs haar stil.

"Klim in," sê hy terwyl hy na die passasiersdeur beduie.

Sy maak of sy hom nie sien nie. Sy kyk stip voor haar op die grond met haar plakkaat op die gewone plek voor haar bors.

"Ek gaan nie ry voordat jy inklim nie."

Die lig slaan genadiglik weer groen, maar hy bly staan. Hy sit sy noodligte aan en die karre agter hom draai een-een na die middelbaan om by hom verby te kom. Hy sit vir haar en kyk.

Sy gaan dié een verloor, besef Lien.

4.12 Vertel hoe Kuifie Lien en haar gesin gehelp het. Gee TWEE feite. (2)

4.13 Na wie se musiek het Lien graag geluister? (1)

4.14 By TWEE geleenthede in die roman het Dirkie vir Lien gehelp.

Noem hierdie geleenthede. (2)

4.15 "Dis háár lewe." (Reël 8)

Hoe voel Lien op hierdie stadium oor Kuifie wat haar dwing om in die kar te klim? Motiveer jou antwoord. (2)

4.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.16) neer.

"Sy gaan dié een verloor, besef Lien." (Reël 18)

Hierdie woorde van Lien suggereer dat sy ...

A nog nooit in haar lewe teen iemand anders verloor het nie.
B daardie dag nie genoeg geld vir die huis sou kon bedel nie.
C geweet het wanneer sy uitgevang is en eerder die eerlike pad moes stap.
D die pruik wat sy by juffrou Breytenbach geleen het, gaan verloor. (1)

4.17 Daar was spanning tussen Lien en haar ma in die roman.

4.17.1 Wie, behalwe Lien en haar ma, sou die spanning kon verlig? (1)

4.17.2 Hoe sou hy/sy dit kon doen? (1)

4.18 Beantwoord die volgende vrae.

4.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie roman is (die keuses wat mense maak, beïnvloed ander se lewens/drank vernietig die verhouding tussen ouers en kinders). (1)

4.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

4.18.3 Wat sou gebeur het as Kuifie nie daardie dag, toe Lien gebedel het, vir haar opgelaai het nie? (1)

4.19 Dink aan Lien se lewe.

4.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering in Lien se houding teenoor haar pa plaasgevind? (1)

4.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.19.1. Die positiewe verandering in Lien moet duidelik uitkom. (1)

4.20 Watter insident in Lien-hulle se woonstel het jou ontstel? Konsentreer slegs op "in hulle woonstel" en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS I

POPPIE. Stil, Ouma, Ouma moet nou rus …
OUMA HANNIE. Sing vir my. Sing "Guide me, o thy great Jehovah".

*Hulle begin sing. Ouma Hannie lê terug. Lig doof uit op haar. Singend beweeg ander af. Poppie bly agter.*

POPPIE. Ná my ouma Hannie dood is, het ons aangebly in Plank se huis. Ek en Hoedjie en Mosie en Plank. En Mama het bedags die kinders vir my gebring om op te pas terwyl sy in die fabriek gewerk het. Veleli, Katie, en die laasgeborene, Eric wat ons Jakkalsie genoem het, of sommer Jakkie, en vir hom was ek die liefste. *(Maak ritmiese wiegbewegings asof sy 'n baba op die rug sus.)* Ja, ek het my mama se kinders opgepas totdat ek dertien jaar oud was, want die fabriek het kinders van dertien gevat vir cleaners. *(Af.)*

*Mans op. Hulle speel in 'n orkes (mimiek). Dis 'n vrolike toneel. Poppie op as ouer meisie. Jongetjies fluit, een wil aan haar vat en kry 'n klap.*

TWEEDE TONEEL

OU MAN. Poppie is klaar vyftien en haar lyf is vol. *(Praat direk met Mama.)*
MAMA. Poppie … jy moet begin dink aan trou.
POPPIE. Wil Mama hê ek moet ja sê vir hierdie ou manne wat kom vra vir my? Ga … ek soek nie die ou manne nie!

5.1 In watter dorp was die fabriek waar dertienjariges kon gaan werk? (1)

5.2 Gee TWEE redes waarom Poppie so gelukkig by ouma Hannie was. (2)

5.3 Watter broer het Poppie die seerste in háár lewe gemaak? (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4) neer.

Poppie het Ouma stilgemaak en gesê sy moes rus.

Hieruit leer ons dat Poppie ... Ouma was.

A lief vir
B kwaad vir
C hartseer oor
D geïrriteerd met (1)

5.5 Die Xhosa-mense het gehoor hulle moes Lambertsbaai verlaat.

Sê hoe Poppie vóór die tyd gevoel het om uit Lambertsbaai te trek en sê hoe Poppie se houding verander het ná die huise in Lambertsbaai platgeslaan is. (2)

5.6 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.6.1 tot 5.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.6.1 | Poppie het met 'n man uit Ciskei getrou. | A | Die kinders het gewys hulle het hulle respek vir die grootmense verloor. |
| 5.6.2 | Plank is uitgelag toe die polisie hom uit die hoenderhok uitgehaal het. | B | Bonsile was ontevrede om in Mdantsane te gaan bly. |
| 5.6.3 | Poppie is gedwing om die Kaap te verlaat. | C | Jakkie het saam met die kinders die bosse ingevlug. |
| 5.6.4 | Poppie het besluit om weer terug te gaan Kaap toe. | D | Poppie het nie 'n permanente werkspermit in die Kaap gekry nie. |
| | | E | Poppie se dogters het by haar skoonouers gaan woon. |

(4 x 1) (4)

5.7 Watter TWEE karakters het saamgestem oor hoe belangrik skool en kerk is? (2)

5.8 In die uittreksel lees ons dat Poppie bedags haar broers opgepas het.

Verduidelik waarom Poppie ongelukkig daaroor was. (1)

5.9 Vukile was 'n onskuldige slagoffer.

Waarom is hierdie kwessie steeds vandag relevant? (1)

5.10 Was Stone 'n goeie rolmodel vir sy kinders? Motiveer jou antwoord deur te dink aan besluite wat Stone geneem het. (1)

5.11 Wat, dink jy, is ouma Hannie se mooiste eienskap wat vir Poppie 'n voorbeeld was? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

POPPIE. … Ek is moeg, Mama. Daar moet nou rus kom.
JAKKIE. Ek is nog nie moeg nie. Dis hoekom daar nog nie rus moet kom nie. Julle is moeg; ons nie. Dis vir jou wat ek baklei, Sisi.

*Konstabel op; neem Jakkie in hegtenis.*

MOSIE. Mama gaan 'n week lank elke dag na die poeliesstasie en vra oor Jakkie. Ná 'n week vat hulle sy fine en laat hom loop.
MAMA *(huilend aan Jakkie)*. Is jy geslaat? Sê vir jou mama, is jy deur die poeliesse geslaat?

*Jakkie draai net weg.*

MOSIE. Hulle is bang vir verraaiers, Mama. Die kinders praat met niemand nie. Hulle sê: Ek praat miskien met my bhuti of my mama, dan praat hy met die buurman, dan's die buurman 'n informer en voor ons iets kan doen, word ons opgetel.
MAMA. Die kinders het nie meer respek vir ons nie. Hulle gaan nie meer skool nie, hulle loop op straat rond. Wat van al die geld wat vir hulle skoolgaan betaal is?
JAKKIE *(oor sy skouer).* Ons het nou ander goed om te doen as skoolgaan, Mama.
MAMA *(swaai om na hom toe).* Jail toe gaan.
JAKKIE *(draai na haar)*. Jail toe gaan, totdat die poeliesstasies so vol is dat hulle die hele lokasie 'n jail moet maak. Dan's ons almal saam in die jail, Mama. Cause why, we're waiting to die.

5.12 Wat het die kinders met die dronk grootmense op straat gedoen? (1)

5.13 Vertel wat Jakkie gedoen het om TWEE keer deur die polisie gesoek te word. (2)

5.14 By TWEE geleenthede in die drama het Poppie nie na die polisie of die wet geluister nie.

Noem hierdie geleenthede. (2)

5.15 "Cause why, we're waiting to die." (Reël 18 en 19)

Hoe het Jakkie op hierdie stadium oor die lewe gevoel? Motiveer jou antwoord. (2)

5.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.16) neer.

"Dis vir jou wat ek baklei, Sisi." (Reël 3)

Hierdie woorde van Jakkie suggereer dat hy …

A kwaad was vir Poppie.
B met Poppie gaan baklei.
C vir Poppie wou help.
D moeg was vir Poppie. (1)

5.17 In hierdie drama was daar spanning tussen die *migrants* en die inwoners van Nyanga.

5.17.1 Wie, behalwe die *migrants* en die inwoners van Nyanga, sou die spanning kon verlig? (1)

5.17.2 Hoe sou hy/sy/hulle dit kon doen? (1)

5.18 Beantwoord die volgende vrae.

5.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie drama is (onregverdigheid teenoor mense/drankmisbruik onder kinders). (1)

5.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

5.18.3 Wat kon gebeur het as Poppie nie met 'n Xhosa getrou het nie? (1)

5.19 Dink aan Poppie se lewe.

5.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering by Poppie plaasgevind? (1)

5.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.19.1. Die verandering in Poppie moet duidelik uitkom. (1)

5.20 Poppie het by verskillende mense gewerk, onder andere Mrs Swanepoel.

Watter optrede van Mrs Swanepoel het jou gelukkig laat voel? Konsentreer slegs op Mrs Swanepoel se optrede en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

HENDRIK (*baie in sy skik, tot Willem)*: Waar leer jy die goed? Leer jy dit by die skool of wat? *(Willem skud sy kop.)* Hier, Nollie*. (Hy gee Nollie se dop aan.)* Vat so. Ons drink op hierdie klein toornaar! *(En weer tot Willem.)* Doen dit weer, ek sien.
KATRIEN: Maar stadig hierdie keer. Ons wil sien hoe doen jy dit. *(Willem haal 'n muntstuk uit sy sak, sit dit op sy sakdoek en bind dit toe. Almal kyk. Ook Emma, wat intussen met 'n skinkbord koffie uitgekom het.)* Stadig nou. Ons wil mooi sien.

> Willem swaai die sakdoek 'n paar keer in die rondte.
> Dan knoop hy dit oop. Die muntstuk is weg.
> Almal bars uit van die lag en maak 'n bohaai.

HENDRIK: Hierdie kind, ek sê jou, sy kop is nie plat nie. Hy gaan nog president word.
EMMA: Hy moet eers weer leer praat. Koffie, iemand?
KATRIEN: Emma, los dit.
HENDRIK *(tot Emma)*: Praat sal hy nog praat. Wag maar. Pleks jy liewerster leer vry. Vra vir Nollie. Hy sal jou leer.

> Emma, besig om die koffie te skink, kyk op na haar pa toe. Sy laat val die koffiepot op die skinkbord en storm van die stoep af.

6.1 Wie het Willem leer toertjies doen? (1)

6.2 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Nollie van Hendrik gehou het. (2)

6.3 Watter ander toertjie, behalwe die een met die muntstuk, kon Willem ook doen? (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

"Emma, los dit." (Reël 12)

Hierdie woorde wys dat Katrien …

A alles sou doen om Willem teen sy pa te beskerm.
B nie lus was vir al Emma se praatjies oor Willem nie.
C nie herinner wou word aan Willem se probleem nie.
D sleg gevoel het omdat Emma voor Nollie oor Willem praat. (1)

6.5 Willem het weggeraak.

Sê hoe Hendrik en Katrien se verhouding vóór hierdie insident was en hoe hulle verhouding ná die insident verander het. (2)

6.6 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.6.1 tot 6.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.6.1 | Ander mans het in Katrien belanggestel. | A | Die dorpsmense het skinderstories oor Willem versprei. |
| 6.6.2 | Manuel het Willem se gesig geverf en op die skuur se mure geteken. | B | Emma het begin klavier speel. |
| 6.6.3 | Willem se probleem is opgelos. | C | Die skoolkinders het Willem gekoggel. |
| 6.6.4 | Emma het buite in 'n sinkbad gebad. | D | Hendrik het gereeld na kleiner stasies toe getrek. |
| | | E | Nollie kon Emma oorreed om saam Volstruisdans toe te gaan. |

(4 x 1) (4)

6.7 Watter TWEE karakters, behalwe Hendrik, het saamgestem dat Frans se besoeke aan Katrien nie onskuldig was nie? (2)

6.8 Uit die uittreksel lei ons af dat Willem nie gepraat het nie.

Verduidelik wat Willem se probleem was, volgens Oudokter. (1)

6.9 Die McDonalds het nie die ideale gesinslewe gehad nie.

Waarom is hierdie kwessie vandag steeds relevant? (1)

6.10 Was Hendrik 'n goeie rolmodel vir sy gesin toe hulle gereed gemaak het vir die Volstruisdans? Motiveer jou antwoord deur na Hendrik se optrede te verwys. (1)

6.11 Wat, dink jy, is Nollie se mooiste eienskap as jy aan hom en Emma dink? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

137. Hendrik, Katrien, Emma, Willem en Manuel is in die eetkamer bymekaar. Dis ná aandete.

Hendrik sit met pikgare en 'n dik naald 'n ou leersak se hingsel en vaswerk. Emma is besig om af te dek. Sy het 'n voorskoot aan. Katrien maak Manuel se narrepak reg.

KATRIEN: Ek weet nie of jy die regte ding doen nie, Manuel. Jy's nog ver van gesond af.
HENDRIK: Hy't miere, dis wat hy het. Of wat sê jy, Willem?
MANUEL: Dis seker maar waar – die storie van once a clown, always a fool. Ek mis die ou groot tent. Ek weet nie hoekom nie.
HENDRIK: Al wat ek weet, is: hierdie hingsel gaan wragtig nie weer breek nie. *(Hy weeg die leersak aan sy vasgewerkte hingsel.)*
MANUEL *(vat die sak by Hendrik)*: Dankie, Hendrik.
KATRIEN: Hierdie broek van jou het gate op plekke wat 'n broek liewer nie gate moet hê nie.

Willem is besig om met sy handskaduwee teen die muur 'n volstruis te maak.

WILLEM: Kyk, Manuel! *(Hy sien Manuel reageer nie en gaan staan reg voor hom. Manuel is 'n bietjie aangedaan.)* Haai, Manuel. Wat nou?
MANUEL: Nou niks.
WILLEM: Jy't gesê lag is beter as huil.
MANUEL *(ruk homself oombliklik reg)*: Julle was baie goed vir my.

6.12 Vertel hoe Manuel in Hendrik-hulle se huis beland het. Gee TWEE feite. (2)

6.13 Wat het Manuel vir Willem gegee voordat hy teruggegaan het sirkus toe? (1)

6.14 By TWEE geleenthede in die drama het Hendrik se optrede teenoor ander mense ons verras.

Noem hierdie geleenthede. (2)

6.15 In hierdie uittreksel het Hendrik Manuel se leersak reggemaak.

Hoe het Hendrik op hierdie stadium oor Manuel gevoel? Motiveer jou antwoord. (2)

6.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.16) neer.

"Hy't miere, dis wat hy het." (Reël 7)

Hierdie woorde suggereer dat Manuel …

A moeg was vir die McDonalds.
B na sy olifant verlang het.
C geld moes gaan verdien.
D rusteloos begin word het. (1)

6.17 Daar was spanning tussen die kerk en die McDonalds in hierdie drama.

6.17.1 Wie, behalwe die dominee en die McDonalds, sou die spanning kon verlig? (1)

6.17.2 Hoe sou hy/sy/hulle dit kon doen? (1)

6.18 Beantwoord die volgende vrae.

6.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie drama is (geweld teenoor vrouens en kinders/swak kommunikasie in gesinne). (1)

6.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

6.18.3 Wat sou gebeur het as Emma nie ná die Volstruisdans met die gesin gepraat het nie? (1)

6.19 Dink aan Emma se lewe.

6.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering in Emma se verhouding met Nollie plaasgevind? (1)

6.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.19.1. Die positiewe verandering in Emma moet duidelik uitkom. (1)

6.20 Watter insident in die drama het jou laat lag? Konsentreer slegs op Nollie en Emma en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

## VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

NINA *(geskok)*: Weet jy dit nie? Die goed met slurpe, *olifante*. Maar eintlik mag 'n mens nie hulle name hardop sê nie, want dan hoor hulle jou en hulle dink jy roep hulle en dan jaag hulle jou ... As jy vir my jou vyf sjielings gee, koop ek vir my 'n mondfluitjie en 'n kombers en ek wys vir jou om by die pad te kom.
LUKAS: Sweer jy sal my môre neem?
NINA: Sweer jy sal my die vyf sjielings gee?
LUKAS: Ek sweer.
NINA: Hoe ek op die dorp gaat kom om die fluitjie te koop, weet ek nie, maar ek sweer. *(Sy blaas op bottel.)* Blaas jy nou een blaas alleen, dan blaas ek een alleen en dan blaas ons een tesame.

*Hulle blaas, maar LUKAS val altyd verkeerd in. Ligte doof uit. Musiek. Ligte op voor Boshuis. ELIAS sit voor deur. BARTA kom staan in deur.*

ELIAS: Moet jy nie die patats uit die as haal nie, Barta? Jy weet ek hou nie van 'n drooggebakte patat nie, Barta!
BARTA: Ek hoor, Elias. Ek was nou by die patats, hulle is nog nie sag nie.
ELIAS: Van môre af gaat ek Lukas by die balke sit en hom leer om 'n byl vas te hou, sodat hy sy nuk kan uitsweet.
BARTA: Moenie aan hom slaan nie, Elias.

7.1 Wie het vir Benjamin/Lukas die vyf sjielings gegee? (1)

7.2 Hoekom het Benjamin/Lukas die vyf sjielings by hom gehad? (1)

7.3 Gee TWEE redes waarom Barta nie wou hê Elias moes Benjamin/Lukas slaan nie. (2)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

Lukas het gesweer dat hy sy vyf sjielings vir Nina sou gee.

Hierdie optrede wys dat Lukas baie … was.

A verward
B bang
C opgewonde
D desperaat (1)

7.5 Fiela het besluit om die magistraat te gaan sien.

Sê hoe Fiela vóór die eerste besoek aan Knysna gevoel het en sê hoe Fiela se gevoel ná die besoek verander het. (2)

7.6 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.6.1 tot 7.6.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Barta het die seun met die blou hempie uitgewys. | A | Lukas/Benjamin het Lange Kloof toe gegaan. |
| 7.6.2 | Fiela was bang mense sou dink sy kan nie vir haar kinders voorsien nie. | B | Lukas/Benjamin het vir Kaliel ontmoet. |
| 7.6.3 | Lukas/Benjamin het gehoor van Dawid se dood. | C | Die magistraat het uitspraak gegee in die hofsaak. |
| 7.6.4 | Daar het 'n skip by Noetzie gesink. | D | Fiela het vir Lukas/Benjamin die Laghaans se grond gegee. |
| | | E | Lukas/Benjamin het John Benn uitgehelp op die spaan. |

(4 x 1) (4)

7.7 Watter TWEE karakters het saamgestem dat Lukas tyd moes kry om in die Bos aan te pas? (2)

7.8 Nina het vir Lukas Bos toe geneem.

Verduidelik hoekom Nina só opgewonde daaroor was. (1)

7.9 Fiela was kwaad vir die sensusmanne wat belowe het om Benjamin terug te bring en dit nie gedoen het nie.

Waarom is hierdie kwessie steeds vandag relevant? (1)

7.10 Was Nina 'n goeie rolmodel vir Benjamin toe hy by hulle kom bly het? Motiveer jou antwoord deur na Nina se optrede teenoor Elias te verwys. (1)

7.11 Wat, dink jy, was Elias se slegte eienskap in sy gesprek met Fiela toe sy Benjamin/Lukas se goed Bos toe gebring het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

NINA *(kwaai)*: Ek wil hier in die Bos bly.
LUKAS: Kom nou. *(Vat haar arm.)* Vir al wat jy weet, is die boswagter se seun ook by die pad en dan kyk jy nie eers om om vir my te waai nie.
NINA: Gaan bars!
LUKAS: Jy sal nou moet leer om soos 'n *lady* te praat, ek sê jou. Jy gaan nou 'n dorpsmeisie word.
NINA: Die dorpenaars spot met ons bosmense.
LUKAS: Dis niks. Hou net jou kop in die lug. Die vrou wat my grootgemaak het, het altyd gesê: solank jou kop nie sak nie, sak jou hart ook nie.
NINA: Jy moet my mondfluitjie gaan haal en hom by jou hou.
LUKAS: Waar steek ek hom weg?
NINA: Miskien moet jy hom dan maar los waar hy is.
LUKAS: Dit sal die beste wees.
NINA: As iemand weer dorp toe kom, gaan haal hom en stuur hom vir my saam.
LUKAS: Ek sal kyk wat ek kan doen.
NINA: En as ek wegloop van die dorp af, moet jy vir my keer as Pa my wil slaan.
LUKAS: Ek sal. Ek meen, jy moenie wegloop nie, jy moet op die dorp bly.

*Ligte doof uit. As dit weer opkom, is LUKAS alleen op verhoog. See op agtergrond.*

LUKAS *(op band)*: Sy het weggeloop.

7.12 Vertel waarom Nina dorp toe moes gaan. Gee TWEE feite. (2)

7.13 Wie het probeer om van Nina 'n dame te maak? (1)

7.14 By TWEE geleenthede in die drama het mense besluite geneem wat Benjamin/Lukas se hele lewe verander het.

Noem hierdie geleenthede. (2)

7.15 "Die vrou wat my grootgemaak het, het altyd gesê: solank jou kop nie sak nie, sak jou hart ook nie." (Reël 8 en 9)

Hoe het Benjamin hier oor die vrou wat hom grootgemaak het, gevoel? Motiveer jou antwoord. (2)

7.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.16) neer.

"Jy moet my mondfluitjie gaan haal en hom by jou hou." (Reël 10)

Hierdie woorde suggereer dat Nina Benjamin/Lukas …

A se eerlikheid wou toets.
B met haar geheim vertrou het.
C maklik opdragte gegee het.
D uit Knysna uit wou weghou. (1)

7.17 Daar was spanning tussen Lukas en Nina teen die einde van hierdie drama.

7.17.1 Wie, behalwe Lukas en Nina, sou die spanning kon verlig? (1)

7.17.2 Hoe sou hy/sy dit kon doen? (1)

7.18 Beantwoord die volgende vrae.

7.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie drama is (die soeke na 'n huweliksmaat/die soeke na identiteit). (1)

7.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

7.18.3 Wat sou gebeur het as mister Goldsbury na al die partye geluister het? (1)

7.19 Dink aan Nina se nuwe lewe in Knysna.

7.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering in Nina se houding oor werk in Knysna plaasgevind? (1)

7.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.19.1. Die positiewe verandering in Nina moet duidelik uitkom. (1)

7.20 Watter insident in die drama het jou ontstel? Konsentreer slegs op 'n insident in Benjamin se lewe tot en met die hofsaak en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **"VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND" – Dana Snyman**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

> ... My pa het pakkamer skoongemaak en besluit Johannes kan maar die rol draad kry.
>
> Johannes wil 'n hoenderhok met die ogiesdraad bou. Ons lig dit van die bakkie en dra dit oor Johannes se skoongevede werf. In die hoek van die werf staan reeds vier bloekomlote ingeplant – die skelet van 'n hok waarvoor Johannes nog die hoenders moet kry. Die hond het hy darem al. Hy is maer en geel en lê langs 'n pampoenrank in die buitekleinhuisie se skadu, met 'n vraagteken vir 'n stert, en 'n halsband om die nek, vas aan 'n ketting, wat weer om 'n draad vas is wat laag oor die lengte van die werf gespan is.
>
> Aan die een kant van die draad het die hond al 'n hol paadjie uitgedraf.
>
> Ons laat val die rol ogiesdraad op die grond.
>
> Ek gaan staan langs Johannes se huis. Dis 'n sinkkaia, of soos dit in die township genoem word: 'n *makuku.*
>
> "Waar kry jy al die sinke, hè Johannes?" vra ek.
>
> "Ek kry hulle so bietjies-bietjies," antwoord hy. "Potch se kant toe. Lichtenburg se kant toe. Hulle kom van oralster af. "
>
> "Hoeveel is hier? Weet jy?"
>
> Johannes huiwer nie 'n oomblik nie. "*Forty*," antwoord hy.
>
> Veertig.

8.1.1 Wat is die naam van die township waar Johannes gebly het? (1)

8.1.2 Gee TWEE bewyse waarom ons kan sê dat Johannes nie skaam was om inligting oor sy huis met die verteller te deel nie. (2)

8.1.3 Wat het Johannes by die vendusiekrale gekry om sy huis mee te bou? (1)

8.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.4) neer.

Johannes het die verteller *Makosi* genoem.

Hierdie optrede wys sy … vir die verteller.

A woede
B respek
C liefde
D vrees (1)

8.1.5 Die verteller het Johannes by sy huis afgelaai.

Sê wat die verteller van Johannes se huis gedink het vóór hy met Johannes daaroor gepraat het en die binnekant gesien het en hoe die verteller se opinie ná sy gesprek met Johannes verander het. (2)

8.1.6 In enige kortverhaal is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.6(a) tot 8.1.6(d)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | Die verteller wou graag vir Johannes help. | A | Johannes het 'n nommerplaat bokant sy voordeur gehang. |
| (b) | Die pa het die stoor skoongemaak. | B | Die verteller het Johannes se huis besoek. |
| (c) | Johannes wou spog met sy huis. | C | Die verteller het agtergekom wat Johannes se regte naam was. |
| (d) | Johannes het 'n sertifikaat van die kerk teen sy muur gehang. | D | Johannes het groen verf present gekry. |
| | | E | Johannes kon met sy sokkerspan spog. |

(4 x 1) (4)

8.1.7 Watter TWEE reuke het die verteller in Johannes se huis geïdentifiseer? (2)

8.1.8 "Ek gaan staan langs Johannes se huis." (Reël 12)

Verduidelik hoekom die wynrooi bank binne-in die huis die verteller aan die verlede laat dink het. (1)

8.1.9 Die verteller het aangeneem dat Johannes net 'n eenvoudige tuinwerker was.

Waarom is hierdie kwessie vandag steeds relevant? (1)

8.1.10 Was die verteller se pa 'n goeie rolmodel vir die verteller? Motiveer jou antwoord deur na die pa se optrede teenoor Johannes te verwys. (1)

8.1.11 Wat, dink jy, is Johannes se mooiste eienskap wat uitkom in sy gesprek met die verteller? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

8.2 **"ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN" – Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

… Hulle kon nie uitgepraat raak oor die ervaringe van die afgelope drie dae nie. Hy het geluister en nie veel gesê nie. In sy gemoed is alles helder en onuitwisbaar ingegrif: die vuurproef – eerste keer dat hy heel op sy eie agt stappers, onervare stadsjapies, deur dieboswêreld neem.

Die oerstilte om hom beklemtoon die naggeluide: buffels wat onder by die watergat steun; 'n hiëna wat veraf klaend blaf; 'n leeu wat sommer hier naby onderlangs grom. Hy weet: vannag sal hy nie slaap nie. Hy sal hier in die lapa by die kole bly sit. Daar is tye in 'n man se lewe wat dit sonde is om te slaap; tye wat jy nie wil slaap nie. En dis anders as die tye wat jy nie kan slaap nie, al wil jy. Soos daardie eerste maande na die ongeluk. En die maande na hy uit die Caprivi teruggekom het.

Dis volmaan en om hom lê die bos in helder lig, met die Swenispruit donkerder afgeteken met digter rivieroewerbos. Dis of die maanlig in sy brein inskyn, soos 'n soeklig wat die donker, verborge dinge wil loop uithaal. Dinge waaroor hy doelbewus nooit wou dink nie, in die afgelope, slapelose, rustelose maande voor hy hier beland het. Maar nou maak dit nie meer saak nie, want dit maak nie meer seer nie.

8.2.1 Vertel hoe die motorfietsongeluk die verteller se hele lewe verander het. Gee TWEE feite. (2)

8.2.2 Wie het vir die verteller die advertensie gewys van hierdie werk waarvoor hy aansoek gedoen het? (1)

8.2.3 By TWEE geleenthede in die verhaal het die verteller gevoel dat daar vir hom gelieg is.

Noem hierdie geleenthede. (2)

8.2.4 "Daar is tye in 'n man se lewe wat dit sonde is om te slaap."(Reël 8)

Hoe het die verteller op hierdie stadium oor sy lewe gevoel? Motiveer jou antwoord. (2)

8.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.5) neer.

"Maar nou maak dit nie meer saak nie, want dit maak nie meer seer nie." (Reël 16 en 17)

Hierdie woorde suggereer dat die verteller …

A moeg was vir die slapelose nagte.
B gesond was en nie meer pyn het nie.
C vrede gemaak het met sy verlede.
D kwaad was vir al sy vriende en familie. (1)

8.2.6 Daar was spanning tussen die verteller en sy ma wat hom te veel wil beskerm.

(a) Wie, behalwe die verteller en sy ma, sou die spanning kon verlig? (1)

(b) Hoe sou hy/sy dit doen? (1)

8.2.7 Beantwoord die volgende vrae.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.7(a)) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie verhaal is dat die natuur 'n mens kan help om (traumatiese gebeure te verwerk/werk te kry, al is jy mank). (1)

(b) Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

(c) Wat sou gebeur het as die verteller nie hierdie werk as staptoerveldwagter gekry het nie? (1)

8.2.8 Dink aan die verteller se lewe.

(a) Wanneer, dink jy, het die verteller se meisie se houding teenoor die verteller negatief geword? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.8(a). Die negatiewe verandering in die meisie moet duidelik uitkom. (1)

8.2.9 Watter insident in die verhaal het jou goed laat voel? Konsentreer slegs op die verteller en sy vriend, Jaap, en motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN" – Marita van Aswegen

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – Marita van Aswegen**

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
"ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui die fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouers is so styf en so seer

'n motorruit tjier af en en ver weg dreun 'n bus.
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en 'n kindjie jil
"mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
hy draai sy kop skuins en hy wag

"hier is nog tien rand," sê die vrou
"koop vir jou iets om aan te kou"
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

9.1.1 Waar sou hierdie bedelaar volgens die gedig moontlik kos kon koop as hy geld gehad het? (1)

9.1.2 Wie het vir die bedelaar geld gegee? (1)

9.1.3 Hoe het die bedelaar geweet wanneer iemand vir hom geld gegee het? (1)

9.1.4 Haal 'n WOORD in strofe 1 aan wat daarop dui dat die bedelaar nie op sy eie die pad na die robot kon vind nie. (1)

9.1.5 Beantwoord die volgende vrae.

(a) Benoem die stylfiguur in reël 1, 5 en 6. (1)

(b) Waarom is hierdie stylfiguur só gepas? (1)

9.1.6 Wat suggereer die woord "sis" (reël 12) oor die persoon wat die bedelaar rondlei? (1)

9.1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.1.7) en die antwoord neer.

In reël 14 het die bedelaar gewonder hoe om by die huis te kom, want die bedelaar het nie ('n blyplek gehad nie/geweet waar die blyplek is nie). (1)

9.1.8 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.1.8(a) tot 9.1.8(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "gepl<u>u</u>k en ger<u>u</u>k" (reël 9) | A vergelyking |
| (b) "toe sy voet <u>dom</u> oor 'n pyp eenkant toe swik" (reël 10) | B hiperbool |
| | C assonansie |
| (c) "sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind" (reël 13) | D personifikasie |
| (d) "dan kan hy vir ewig en altyd <u>rus</u>" (reël 23) | E eufemisme |

(4 x 1) (4)

9.1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.9) neer.

Lees weer reël 24.

Uit hierdie woorde lei ons af dat die tsotsi nie … nie.

A van die lewe gehou het
B goeie maniere gehad het
C gehou het van wat hy doen
D omgegee het vir die natuur (1)

9.1.10 Beantwoord die volgende vrae.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.1.10(a)) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie gedig is (ondersteuning/uitbuiting) van mense wat swaarkry. (1)

(b) Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

9.1.11 Wat, dink jy, is die mooiste eienskap van die dogtertjie in die gedig as sy na die bedelaar kyk? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

9.2 **"PRYSLIED" – Antjie Krog**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**PRYSLIED – Antjie Krog**

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
    uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings
hier staan hy
uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

'n klein swart ster priem sy bo-lip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
    van 'n verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede
vrede, die ma van groot nasies

9.2.1 Hoe word die Uniegebou waar Nelson Mandela gestaan het, in die gedig genoem? (1)

9.2.2 Voltooi die volgende sinne deur die korrekte WOORD in te vul. Skryf slegs die vraagnommers (9.2.2(a) tot 9.2.2(c)) en die antwoord neer.

In reël 4–17 lees ons dat hy (a) ... as die ander mense was. Sy vel was die kleur van (b) ... en hy was iemand wat sy emosies kon (c) ... (3)

9.2.3 "kop en skraal skouers staan hy bo almal uit" (Reël 4).

Wat is die figuurlike betekenis van hierdie woorde? (1)

9.2.4 Waarmee word Nelson Mandela se haarkleur vergelyk? (2)

9.2.5 Wat is die letterlike betekenis van "vlesige palmkussings"? (Reël 8) (1)

9.2.6 Gee 'n voorbeeld van alliterasie in reël 4. Skryf die alliterasie neer en onderstreep die allitererende klanke. (1)

9.2.7 Watter WOORD dui daarop dat hy sy agtervolgers kon ontglip? (1)

9.2.8 Wat is die funksie van die aandagstreep in reël 25? (1)

9.2.9 Watter stemming heers in die gedig? (1)

9.2.10 Die digter maak gebruik van alleenplasing om sekere gedagtes te beklemtoon.

Skryf 'n reël uit die gedig neer waar die digter hierdie tegniek gebruik het. (1)

9.2.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.2.11) en die antwoord neer.

Die uiterlike bou van die gedig dui daarop dat hierdie gedig 'n (sonnet/vrye vers) is. (1)

9.2.12 Waarom kan ons sê die spreker het 'n geslaagde pryslied geskryf? Konsentreer op "prys" en "lied" in jou antwoord. (2)

9.2.13 As iemand 'charismaties' is, beteken dit hy/sy het besondere eienskappe wat hom/haar baie populêr maak en mense tree baie lojaal teenoor hom/haar op.

Lei nou uit die gedig TWEE eienskappe van Nelson Mandela af wat hom, volgens jou, populêr gemaak het. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 38 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 11 |
| | | |
| 4. *Lien se lankstaanskoene* | 35 | 15 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – die drama* | 35 | 20 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 23 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – die drama* | 35 | 27 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8. *Spieëlbeelde* | | |
| 8.1 "Veertig sinkplate teen die suidewind" | 18 | 31 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die roep van die vleikuiken" | 17 | 33 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9. *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* | | |
| 9.1 "By die robot in Eerstelaan" | 17 | 35 |
| **EN** | | |
| 9.2 "pryslied" | 18 | 37 |

## NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking gevra word, verdien die kandidate 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word. Indien ironie, konflik en kontras gevra word, kan die kandidaat 1 punt verdien indien slegs een kant gestel is.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim of onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunte gegee word. Sien eerste twee feite na, ongeag horisontaal of vertikaal.

## AFDELING A: ROMAN

| VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **VR NR** | **ANTWOORD** | | **PUNT** |
| 1.1 | • Saul wou nie langer die pad saam met sy pa stap wat nêrens heen lei nie.<br>• Saul het nie saamgestem dat hulle olifante moes begin skiet nie.<br>• Saul wou nie soos sy pa voor MacDonald pleit vir lewensnoodsaaklikhede nie.<br>• Saul wou nie langer deel hê aan die uitroei van die Bos nie.<br>• Saul wou wegkom uit die Bos/skewe sirkel van armoede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 1.2 | MacDonald het ...<br>• geld/7 sjielings op Joram se skuld afgetrek.<br>• geld/1 sjieling afgetrek omdat Saul volgens hom hom vergaap het aan skepe in die hawe/nie gewerk het nie.<br>• gevoel die kos en slaapplek was voldoende betaling.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 1.3 | Olifanttande/Ivoor | | (1) |
| | | | |
| 1.4 | A/opstandig | | (1) |
| | | | |
| 1.5 | • **Vóór** hierdie insident het Saul sy pa bewonder/aan hom geglo/na hom geluister.<br>• **Ná** hierdie insident was Saul teleurgesteld in sy pa/het Saul oor dit wat sy pa gesê het, getwyfel/het Saul sy pa as 'n lafaard gesien.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 1.6.1 | E/Saul het die geleentheid gekry om goud te kon delf. | | (1) |
| | | | |
| 1.6.2 | D/Saul het besluit om Swellendam toe te gaan vir ander geleenthede. | | (1) |
| | | | |
| 1.6.3 | B/Saul is in die sosiale kringe van Knysna aanvaar. | | (1) |
| | | | |
| 1.6.4 | A/Saul het besluit om nie meer met die Pictor weg te gaan nie. | | (1) |
| | | | |
| 1.7 | MacDonald<br>Patterson | | (2) |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.8 | MacDonald het ...<br>• dit gesê sonder dat hy die boswerkers regtig geken het/sy vooroordeel gewys.<br>• opinies op grond van hoorsê uitgespreek.<br>• Saul met hierdie woorde verneder.<br>• veralgemeen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 1.9 | • Daar is vandag nog klasse-diskriminasie/mense wat dink hulle is beter as ander omdat hulle geld het.<br>• Ouers probeer steeds voorskryf met wie hulle kinders vriende moet wees.<br>• Daar is vandag steeds vooroordeel teenoor groepe mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 1.10 | Ja.<br>• Saul het elke geleentheid gebruik om sy lewe te verbeter.<br>• Saul het besluit om 'n pad te loop wat êrens gaan uitkom.<br>*(Aanvaar enige positiewe karaktereienskap gekoppel aan Saul se keuses vir sy toekoms, bv. ambisieus/hardwerkend/oopkop, planmaker, ens.)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 1.11 | • Naasteliefde/empatie/hulpvaardigheid<br>Kate het Saul gehelp om Engels te praat.<br>• Respek<br>Kate het Saul as haar gelyke gesien.<br>• Nederigheid<br>Kate het nie haar pa se snobisme gedeel nie.<br>• Onskuld<br>Kate het niks verkeerds in Saul of hul vriendskap gesien nie.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |
| | | | |
| 1.12 | • Saul is deur al die ryk/vername/Engelssprekende mense van Knysna aanvaar/na alle sosiale geleenthede genooi/nie meer soos 'n bosmens behandel nie/nie meer as wild en vuil gesien nie.<br>• Saul was baie gewild onder die meisies van Knysna.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 1.13 | Kate het (vir die delwers se kinders) kom skoolhou/onderwys gegee/was 'n onderwyser(es). | | (1) |
| | | | |
| 1.14 | • Saul het getwyfel oor die redes waarom Kate in die Bos was.<br>• Hulle het verskil oor die pad wat die mense moes loop.<br>• Kate en Saul verskil oor Saul se manier om die mense aan te jaag.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.15 | bitter/ongelukkig/vernederd.<br>Saul sal altyd onthou dat hy nie goed genoeg vir Kate en haar pa was nie.<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 1.16 | D/nog altyd belanggestel het in Saul en wat hy in sy lewe gedoen het. | | (1) |
| | | | |
| 1.17.1 | MacDonald | | (1) |
| | | | |
| 1.17.2 | MacDonald kon ...<br>• die jongmense om verskoning gevra het vir sy onregverdigheid.<br>• sy seën op hulle verhouding gegee het.<br>• erken het dat hy hulle 'n lewe saam gun.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 1.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.17.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 1.18.1 | die bewaring van die natuur | | (1) |
| | | | |
| 1.18.2 | • Ek sal twee keer dink voordat ek plante en diere uitwis/vernietig.<br>• Ek sal alles doen om die natuur vir my nageslag te bewaar.<br>• Ek sal groen leef.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 1.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.18.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 1.18.3 | • Mense soos MacDonald sou niemand kon uitbuit nie.<br>• Die Bosmense sou slegs die hout gebruik het soos wat hulle nodig gehad het.<br>• Die Bosmense sou weer bome geplant het om later te kon gebruik.<br>• Die Bosmense sou nie in die skewe sirkel (van armoede) verval het nie.<br>• Die Bosmense sou menswaardig kon lewe/self ryk kon word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 1.19.1 | • Na Saul se gesprek met Kate<br>• Na Saul met Jozef gepraat het oor die Bos en die toekoms.<br>• Na Oupoot se dood.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 1.19.2 | Na hierdie gesprek het Jozef ...<br>• erken dat hy Saul wou haat omdat Saul die moed gehad het om die bloubokkie se kop oop te kap.<br>• erken dat hy niks meer weet nie, maar net dat dinge nie so in die Bos/tussen hulle kon aangaan nie.<br>• besluit om op sy manier om te draai/hout aan Saul te verkoop.<br>• gesê dat hy van nou af nooit weer deur iemand anders besit/vasgemaak sou word nie.<br>• besef dat Saul reg was oor Oupoot wat nie sy kind (Jorampie) getrap het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. VRAAG 1.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.19.2 te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.20 | • Saul wat die bloubokkie se kop oopgekap het.<br>Ek was ontsteld om te lees dat die grootmense vir Saul gelieg het of self die lieg geglo het.<br>• Die kalander wat afgekap is<br>Ek was ontsteld omdat ek soos Saul voel dat bome ook kan voel.<br>• Saul wat die brandmerk gedra het van alles wat in die Bos verkeerd gegaan het.<br>Ek was ontsteld omdat Saul onskuldig was.<br>• Die delwers wat die Bos uitroei en die olifante uitskiet.<br>Ek was ontsteld om te sien dat mense alles sal verwoes net vir geld.<br>• Oupoot se dood.<br>Ek was ontsteld omdat Oupoot die skuld moes dra vir 'n ander olifant.<br>*(Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | **[35]** |

| **VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver** | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **VR NR** | **ANTWOORD** | | **PUNT** |
| 2.1 | Mana het gesê ...<br>• dat sy nie "Ma" genoem wou word nie, maar Mana.<br>• sy glo nie in tradisonele rolle vir seuns en meisies nie.<br>• dis ongesond om normaal te wees.<br>• sy wou nie haar ongebore kind 'n naam gee nie, (want dit is seksisties).<br>• sy wou 'n kind hê, maar nie 'n man nie.<br>• sy wou Hanna "skep" (saam met haar gay woonstelmaat.)<br>• draadjies sal Hanna se tande karakterloos laat lyk.<br>• sy wou 'n proefbuisbaba hê.<br>• die hele gesin moes saam op wittebrood gaan.<br>• hulle moet Ditjie na water vernoem/Amanzi noem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 2.2 | • As bruidegom het sy klere meer as die bruid (Mana) s'n aandag getrek./Gavin was in wit geklee, die bruid in swart./Gavin was meer *glamorous* as die bruid.<br>• Gavin het grimering aangehad en Mana nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 2.3 | Fabienne | | (1) |
| | | | |
| 2.4 | A/geïrriteerd | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.5 | • Hanna sou nie graag alleen saam met haar (irriterende) broers wou vakansie hou nie.<br>• Sharon sou opwinding aan die vakansie verskaf/was Hanna se beste vriendin/was bly om iemand/haar maat daar te hê om mee te praat/wat haar verstaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 2.6 | • **Vóór** haar vyftiende verjaarsdag was sy skaam vir Gavin/geïrriteerd met hom omdat hy haar vorige veertien verjaarsdae gemis het/het sy gedink sy was nie goed genoeg vir hom nie/het Hanna gevoel Gavin verstaan haar nie/ het hulle niks in gemeen gehad nie/was Hanna onseker oor sy liefde vir haar/was sy bang Gavin tree vreemd op/het sy nie uitgesien daarna om hom te sien nie.<br>• **Ná** haar vyftiende verjaarsdag het sy geweet dat hy omgegee het/gedink sy is fabulous/geweet dat hy trots op haar is/trots op Gavin gevoel/was hulle nader aan mekaar/het Hanna gevoel hulle het meer in gemeen/het Hanna hom beter leer ken/het sy gesien sy hoef haar nie vir hom te skaam nie/het sy hom aanvaar soos hy is.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 2.7.1 | C/Die proefbuisbaba, Tibo, is gebore. | | (1) |
| | | | |
| 2.7.2 | A/Hanna se droom oor Yann wat Jan was, het verdwyn. | | (1) |
| | | | |
| 2.7.3 | B/Ongewone kuiergaste het mekaar beter leer ken. | | (1) |
| | | | |
| 2.7.4 | E/Die koningin het erkenning gekry. | | (1) |
| | | | |
| 2.8 | Beyers<br>Mana | | (2) |
| | | | |
| 2.9 | Baie kinders ...<br>• voel ongelukkig in hulle gesinne/oor hulle ouers.<br>• is skaam oor hulle familie-opset, byvoorbeeld egskeiding.<br>• skep vir hulle 'n verbeelde gesin/dink die gras is groener elders.<br>• het vooropgestelde/stereotipiese idees oor ouers/wat ouers behoort te wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.10 | Ja.<br>• Gavin het met almal moeite gedoen/voorbeelde kan genoem word.<br>• Gavin kon 'n begrafnis in 'n fees verander.<br>• Gavin het almal aanvaar soos hulle is.<br>• Gavin het die beste van 'n slegte situasie gemaak.<br>• Gavin het vir Margot oorreed om haarself te aanvaar/te groei/'n beter ma te wees.<br>• Gavin het erken dat hy 'n slegte pa vir Hanna was/nie weggesteek wie hy was nie/was nie skaam oor wie hy was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 2.11 | • Dankbaarheid<br>Sharon het die heeltyd vir Hanna gewys waarvoor sy dankbaar moet wees.<br>• Positiwiteit<br>Sharon het die goeie/mooi in ander/mense/situasies raakgesien.<br>Sharon het Hanna aangemoedig om die mooi in ander raak te sien.<br>• Optimisme<br>Sharon het vir Hanna gewys dat haar gesin besonders is.<br>• Bemoedigend<br>Sharon moedig Hanna aan om grimering te dra/het vir haar gesê dat sy mooi lyk.<br>• Eerlikheid/opregtheid/wysheid/dapperheid<br>Sy het altyd vir Hanna gesê wat sy dink/was nie bang om van Hanna te verskil nie.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |
| | | | |
| 2.12 | Hanna het gedink ...<br>• Margot tree op asof sy 'n koningin is en bedien wil word.<br>• gedink sy is 'n slegte ma/het haar kinders verwaarloos.<br>• gedink sy is vol fiemies.<br>• gedink alles aan haar is vals.<br>• Margot het net aan haarself gedink/was egoïsties.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 2.13 | Margot het ...<br>• Hanna help mooimaak met haar verjaarsdag.<br>• vir Mana gehelp met Ditjie se geboorte.<br>• vir Hanna gesê sy is slim/vir haar komplimente gegee.<br>• Hanna aangemoedig om haar lewensverhaal te skryf.<br>• gesê sy sal bereid wees om die ouer vrou/moederfiguur in Hanna se boek te speel.<br>• gesê sy gaan 'n naweek in die Kaap kuier nadat sy klaar haar rol in die televisieprogram geskiet het.<br>• haar naels gesny om te help met Ditjie se geboorte.<br>• vir Hanna 'n geskenk vir haar verjaarsdag gegee waarvan Hanna gehou het.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.14 | In Amerika/Hollywood | | (1) |
| | | | |
| 2.15 | dankbaar/gelukkig/beïndruk/opgewonde/verlig<br>Margot sou betyds in Johannesburg kon wees./Luke (die loods) was vir haar aantreklik/sy het van Luke gehou.<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 2.16 | B/van Yann gehou het en graag tyd saam met hom wou deurbring. | | (1) |
| | | | |
| 2.17.1 | Tibo en Amos/Hanna | | (1) |
| | | | |
| 2.17.2 | • Tibo en Amos kon ...<br>○ ophou om grappies te maak oor haar digkuns.<br>○ verskoning gevra het omdat hulle haar privaatheid geskend het/in haar goed gekrap het.<br>○ sê hulle het nie die reg gehad om 'n deel van hulle verjaardagggeskenk terug te vra nie.<br>• Hanna kon …<br>○ meer verdraagsaam wees.<br>○ begrip daarvoor hê dat hulle soos klein boeties optree.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 2.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.17.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 2.18.1 | die moderne gesin se verhoudinge | | (1) |
| | | | |
| 2.18.2 | • Ek sal verstaan dat daar ander tipe gesinne as myne bestaan/gesinne net soos my ingewikkelde gesin bestaan/om 'n gesin te wees, hoef jy nie heel/bloedverwante te wees nie.<br>• In my moderne gesin sal ek probeer om verhoudinge te bou.<br>• Ek sal begrip hê vir ander gesinne se aanpassings.<br>• Ek sal empatie/'n sensitiwiteit hê met mense wie se gesinsopset verander.<br>• Dit sal nie my lewe raak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 2.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.18.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 2.18.3 | • Yann sou dalk/moontlik ...<br>○ nie nodig gehad het om sy gevoelens vir almal weg te steek nie.<br>○ nie nodig gehad het om hom van almal te onttrek nie.<br>○ Margot en haar redes hoekom sy hom nie kon sien nie, beter verstaan het.<br>• Yann en Margot sou 'n beter verhouding gehad het.<br>• Yann sou nie so kwaad vir/aggressief/wantrouig teenoor Margot gewees het nie/haar vergewe het.<br>• Amos kon jaloers gewees het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.19.1 | • Nadat hulle as 'n gesin dinge saam begin doen het.<br>• Nadat hulle as 'n gesin saam gelag/oefeninge gedoen het.<br>• Toe die twee queens gekom het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 2.19.2 | • Die kinders ...<br>○ het minder gemor/gekla.<br>○ wou almal agterbly op die berg.<br>○ het geleer om as 'n gesin te funksioneer/mekaar te aanvaar.<br>• Die twee queens het alles interessanter/opwindender/fassinerend gemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 2.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.19.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 2.20 | • Gavin het op die tafel gedans.<br>Hy tree so op om die kinders te vermaak.<br>• Hulle het die helikopter se aandag probeer trek met (onder)klere aan 'n stok./Gavin het vir Margot gesê die loods sal haar nie in haar "fluorescent outfit" kon miskyk nie.<br>Die helikopter moes hulle groepie dadelik kon sien.<br>• Margot het vir Luke probeer beïndruk.<br>Margot hou van al die aandag.<br>• Die baba se kleredrag<br>Dit moes vir Sharon se ouers snaaks gewees het om so iets te sien.<br>• Margot en Gavin het vir Luke se aandag gekompeteer.<br>Luke het styf tussen Margot en Gavin op die bank gesit.<br>• Die baba se naam<br>Dit het so baie gereën en nou gee hulle die baba 'n naam van water.<br>*(Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | **[35]** |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VR NR | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 3.1 | In die Silkwood-kliniek/in 'n kliniek/in Kaapstad. | | (1) |
| | | | |
| 3.2 | Ryna moes ...<br>• die hoofman met sy ondersoeke oor die voëls help.<br>• navorsing doen.<br>• 'n boek met illustrasies oor die gewoontes van kusvoëls doen/teken.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 3.3 | Ryna ...<br>• wou nuut/oor begin.<br>• wou nie herinner word aan die tyd toe sy Camilla was nie.<br>• wou haar verlede vergeet/was bang dat iemand haar sou herken oor die insident in die Kaap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.4 | C/omgekrap | | (1) |
| | | | |
| 3.5 | • **Vóór** die insident was Ryna gereed vir 'n nuwe begin/die werk op Meeuland/optimisties/positief/opgewonde oor die nuwe begin.<br>• **Ná** die insident was sy bang/onseker/pessimisties/ontsteld/het sy onwelkom gevoel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 3.6.1 | B/Ryna het begrip gekry vir ander se swaarkry en nie net vir haar eie pyn nie. | | (1) |
| | | | |
| 3.6.2 | A/Ryna het onlosmaaklik deel geword van die geheime op Meeuland. | | (1) |
| | | | |
| 3.6.3 | E/Ryna het op Salamanderbaai begin skoolhou. | | (1) |
| | | | |
| 3.6.4 | C/Ryna het die verantwoordelikheid geneem om Janka te versorg. | | (1) |
| | | | |
| 3.7 | Doreen<br>Elsabet | | (2) |
| | | | |
| 3.8 | Ant Hansie het ...<br>• sleg gevoel omdat Ryna die gesprek gehoor het.<br>• besef dat Jacob bedoel het wat hy gesê het/dit was nie net 'n misverstand nie.<br>• sleg gevoel oor Jacob se slegte maniere.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 3.9 | • Sekere mense dink steeds sekere werke is slegs vir mans of slegs vir vroue.<br>• Geslagstereotipering vind steeds plaas.<br>• Sekere mense kan slegs met mans of slegs met vrouens werk.<br>• Baie mense aanvaar steeds nie buitestanders as deel van hulle kring nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 3.10 | Ja.<br>Ryna het ...<br>• opgestaan/oor begin nadat sy alles verloor het.<br>• nie weggehardloop nadat Jacob haar so onwelkom laat voel het nie.<br>• iemand anders se kind met liefde grootgemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.11 | • Gasvry(heid)<br>Ant Hansie het alles gedoen om Ryna se verblyf so gemaklik moontlik te maak.<br>• Respek<br>Ant Hansie het almal met respek hanteer en Ryna *Juffrou* genoem.<br>• Deernis/simpatie<br>Sy het Ryna probeer troos oor die "misverstand".<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |
| | | | |
| 3.12 | Ryna het ...<br>• weer 'n kind gehad vir wie sy liefde kon gee en versorg.<br>• haar verlede aanvaar.<br>• lief vir Jacob geraak.<br>• weer 'n familie gehad vir wie sy kon lief wees/mense gehad wat vir haar omgegee het.<br>• by Jannerik baie van die lewe geleer.<br>• 'n nuwe lewe/beroep begin.<br>• haar passie uitgeleef.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 3.13 | Fred (Blanckenberg) | | (1) |
| | | | |
| 3.14 | Ryna het ...<br>• Elsabet gehelp met haar baba se geboorte.<br>• Jacob met Janka gehelp omdat Elsabet terug is Salamanderbaai toe.<br>• Elsabet gehelp deur die geheim van Janka se geboorte te hou/gehelp dat Fred nie uitvind dat Janka sy kind was nie.<br>• Janka gevat om by Elsabet te gaan kuier.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 3.15 | dankbaar/liefdevol<br>• Hy het vir haar raad gegee oor haar toekoms/haar aangemoedig om haar kunstalent uit te leef/haar boek oor kusvoëls te doen.<br>• Hy het na haar geluister en haar emosioneel sterker gemaak.<br>• Hy was 'n goeie man/het haar die geleentheid gebied om uit die Kaap weg te kom.<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 3.16 | C/vir die eerste keer die wonders van die natuur kon beleef. | | (1) |
| | | | |
| 3.17.1 | Schalk/Fred/Hermanus/die Blanckenbergs | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.17.2 | • Schalk<br>Deur vergifnis te vra vir al sy verkeerde dade teenoor Jacob veral oor Magrietjie wat hy verkrag het/Janka wat hy geskiet het.<br>• Fred<br>Deur aan Jacob skuld te erken oor sy verhouding met Elsabet.<br>• Hermanus<br>Deur aan Jacob te bely dat sy seuns hom 'n onreg aangedoen het.<br>• Die Blanckenbergs<br>Hulle kon bely dat hulle hom 'n onreg aangedoen het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 3.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.17.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 3.18.1 | pyn, haat, vergifnis en genesing | | (1) |
| | | | |
| 3.18.2 | Ek sal weet dat al beleef ek pyn of haat, ek iemand sal kan vergewe en dat ek gesond/heel sal kan word.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 3.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.18.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 3.18.3 | • Elsabet, Jacob en Janka sou moontlik/dalk nog 'n gesin gewees het.<br>• Die geheim oor Elsabet se baba se geboorte sou moontlik/dalk op die eiland gebly het.<br>• Elsabet sou moontlik/dalk nog gelewe het.<br>• Ryna sou moontlik/dalk nie 'n gesin/nuwe toekoms/vir Jacob gehad het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 3.19.1 | Met Attie se belangstelling in Ryna/Attie wat vir Ryna gevra het om te trou/die aand op die jettie toe Attie en Ryna saam gaan eet het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 3.19.2 | Na die insident op die jettie het hy sy besorgdheid teenoor Ryna gewys. (Kan ook voorbeelde gee)<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 3.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.19.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 3.20 | • Die geheim rondom Janka se geboorte/Die feit dat Jacob, Ryna en Jannerik vir Elsabet gelieg het/Kinnie se baba is in 'n lapsak Meeuland toe.<br>Ander mense het besluit of sy die waarheid van haar ma en pa moes ken.<br>• Janka is op Kersdag geskiet.<br>Janka was 'n onskuldige kind wat die slagoffer van grootmense se slegte dade was/se herstel was pynlik en stadig.<br>• Elsabet se dood<br>Janka moes weer van haar ma afskeid neem.<br>• Jacob het tronk toe gegaan.<br>Janka het haar pa vir 'n lang tyd verloor.<br>*(Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | **[35]** |

| VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt | | | |
|---|---|---|---|
| **VR NR** | **ANTWOORD** | | **PUNT** |
| 4.1 | • In die rekwisietekamer/kamer waar die skool se kostuums vir konserte gebêre word/by die skool<br>• By juffrou Breytenbach/haar Afrikaans/dramajuffrou<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 4.2 | Lien wou die geld gebruik om …<br>• oorsee te gaan/'n vliegtuigkaartjie (Londen toe) te koop/uit haar omstandighede te ontsnap.<br>• kos vir die huis te koop/die gesin te versorg/voorbeelde soos beenskutte vir Braam te koop, elektrisiteit/rekeninge te betaal.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde soos by kolpunt 2 kan slegs 1 punt verdien)* | | (2) |
| | | | |
| 4.3 | Op die hoek/by die verkeerslig oorkant Roos se bedelplek/Johnny se hoek | | (1) |
| | | | |
| 4.4 | A/ongemaklik | | (1) |
| | | | |
| 4.5 | • **Vóó**r die insident was Lien dankbaar vir sy geld/het sy hom gesien as iemand wat wou help/positief/veilig gevoel/In sy woonstel en op straat het Lien ongemaklik gevoel/oor die geld wat hy vir haar gegee het/hoe hy na haar gekyk het toe hy die geld vir haar gegee het.<br>• **Ná** die insident het Lien Sproet negatief/as iemand met bybedoelings beleef/verkwalik dat hy haar soos 'n prostituut laat voel het/sy geld nie aanvaar nie/weersin vir hom gevoel/nie van hom gehou nie/hom gehaat/bang vir hom gevoel/onveilig/kwaad gevoel/hom nie vertrou nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 4.6.1 | B/Lien het geleer om te praat as sy onregverdig behandel word. | | (1) |
| | | | |
| 4.6.2 | C/Lien het geleer dat as jy hard werk, sal jy 'n tweede kans kry. | | (1) |
| | | | |
| 4.6.3 | E/Lien het verneder gevoel, maar geleer dat ander mense jou nie oordeel oor jou ouers se optrede nie. | | (1) |
| | | | |
| 4.6.4 | A/Lien het geleer dat almal nie seerkry dieselfde verwerk nie. | | (1) |
| | | | |
| 4.7 | • Tannie Bets<br>• Kuifie/Die dominee/Gerhard/Die predikantjie<br>• Dirkie<br>*(Enige TWEE)* | | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.8 | • Lien se pa het bedrog gepleeg/was in die tronk (vir diefstal).<br>• Lien-hulle was nou arm/het swaar gekry/moes wegtrek/in 'n woonstel met min geld oor begin.<br>• Haar ma het begin drink as gevolg van haar pa se oneerlikheid/die situasie waarin haar pa hulle laat beland het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 4.9 | • Kinders ...<br>○ skinder maklik oor 'n nuwe kind by die skool sonder om te weet hoe seer dit maak/is baie skerp in hulle kritiek/aanvaar nie sommer 'n nuweling in die skool nie/is altyd nuuskierig oor die nuwe kind se storie/situasie/waar hulle vandaan kom.<br>○ voel skaam/verleë as hulle slegte huislike omstandighede het en ontttrek/beoordeel mekaar op grond van hulle huislike omstandighede/is steeds sensitief vir kritiek/opmerkings oor hulle huislike lewe/is bang ander vra hulle uit oor hulle huislike omstandighede.<br>• Baie kinders het moeilike huislike omstandighede/se ouers drink/se ouers is in die tronk/se ouers sorg nie goed vir hulle nie/kom uit gebroke huise en dit gaan emosioneel/finansieel swaar/moet die rol van 'n ouer oorneem en finansieel sukkel.<br>• Baie mense glo steeds 'hou die blink kant bo'/hou die probleme in jou lewe geheim/steek die negatiewe dinge in jou lewe weg.<br>• Nuwe kinders pas moeilik aan by 'n nuwe skool.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 4.10 | Nee.<br>Lien se ma ...<br>• het te veel gedrink/was die meeste van die tyd/altyd geel/dronk.<br>• het nie werk toe gegaan nie/haar werk verloor.<br>• het gesteel.<br>• het nie vir haar kinders gesorg nie/net aan haarself gedink.<br>• het dronk by die skool opgedaag.<br>• het haar verlies/pyn op 'n negatiewe manier hanteer/opgegee toe haar man tronk toe is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.11 | • Vrolikheid/lewensvreugde/entoesiasme<br>Al het Tibbey gebedel, het hy grappies met almal gemaak.<br>• Respek/dankbaarheid<br>Tibbey het almal bedank wat iets vir hom gegee het.<br>• Uithouvermoë/aanpasbaarheid<br>Hy het niks gehad nie en toe nog sy bene verloor, tog het hy by die situasie aangepas/aanhou glimlag/gewerk.<br>• Vriendelik/hulpvaardig/behulpsaam/mensekennis/omgeemens/optimisities/onselfsugtig/positiwiteit/verwelkomend<br>Hy het vir Lien goeie raad gegee/haar betrek/vertel hoe om te bedel/gesien Lien het ondersteuning nodig/was Lien se klankbord oor haar omstandighede.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |
| | | | |
| 4.12 | • Lien het hulle kind opgepas vir sakgeld.<br>• Hy het Lien se ma na 'n rehabilitasiekliniek toe gevat.<br>• Die kerk/hy het geldelik gehelp tot dit beter gaan/het geld gegee sodat Lien kon ophou bedel/voltyds by die skool wees/beter kans hê om matriek te slaag.<br>• Kuifie het genoem dat die laerskool 'n musiekjuffrou soek as haar ma sou belangstel.<br>• Hy het gaan verduidelik en haar ma het net 'n waarskuwing gekry na die diefstal.<br>• Hy het vir tannie Bets gevra om na hulle te kyk.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 4.13 | Norah (Jones se musiek) | | (1) |
| | | | |
| 4.14 | Dirkie het …<br>• vir haar werk by die salon aangebied.<br>• haar gehelp om Tibbey op te spoor ná sy ongeluk.<br>• haar na Tibbey/die hospitaal toe gevat ná die ongeluk.<br>• nie petrolgeld gevra toe hy haar na Tibbey in die hospitaal geneem het nie.<br>• Lien vir tee en kaaskoek genooi, nadat Christien dronk by skool opgedaag het.<br>• voorgestel dat Lien Kuifie vir hulp moes gaan vra.<br>• hom oor haar ontferm toe sy kouekoors gehad het/Lien kalm gekry na Tibbey se ongeluk/Sproet se optrede.<br>• Donovan probeer oortuig om haar nie af te dank nie.<br>• ook vir Lien 'n geleentheid gegee van die werk af.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.15 | bitter/ongelukkig/verneder/aggressief/kwaad/opstandig/geïrriteerd /verleë/skaam/gefrustreerd<br>• Lien wou nie gehad het iemand moes oor haar lewe besluite neem nie/het gevoel hy behandel haar soos 'n kind.<br>• Lien wou nie gehad het iemand moes weet hoekom sy bedel nie/wou gehad het dit moes haar geheim bly/het heeltyd gehoop niemand herken haar nie.<br>• Lien wou niemand se hulp/simpatie gehad het nie.<br>• Lien het aanvanklik nie van Kuifie/sy manier om haar te dwing, gehou nie.<br>• Lien sou daardie dag nie meer kon bedel nie.<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 4.16 | C/geweet het wanneer sy uitgevang is en eerder die eerlike pad moes stap. | | (1) |
| | | | |
| 4.17.1 | Lien se pa/Braam/Tannie Bets/Kuifie/Harry<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 4.17.2 | • Lien se pa kon erken dat hy ...<br>○ vir almal se spanning verantwoordelik was.<br>○ Lien en haar ma se situasies veroorsaak het.<br>○ verkeerd opgetree het/om vergifnis vra vir sy verkeerde optrede.<br>• Braam kon meer help/betrokke wees om Lien se las te verlig/bydra tot 'n beter atmosfeer.<br>• Tannie Bets kon meer inspring en die kerk vroeër bewus/betrokke maak/Lien se ma raad gee.<br>• Kuifie/die kerk kon die gesin van meet af aan meer besoek het/Lien se ma ondersteun of raad gegee het.<br>• Harry. die sielkundige, is opgelei om spanning/konflik in families met probleme te hanteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 4.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.17 2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 4.18.1 | die keuses wat mense maak, beïnvloed ander se lewens | | (1) |
| | | | |
| 4.18.2 | • Ek sal twee keer dink voordat ek bedrog pleeg/drink, (want my keuses vernietig ander se lewens.)<br>• Ek moet dink voordat ek iets verkeerds doen, want dit raak ander mense ook/Ek sal probeer om die regte keuses te maak/Ek sal altyd seker maak my keuses is tot voordeel van myself en ander.<br>• Ek sal die voordele en nadele van my aksies goed deurdink.<br>• Ek sal nie impulsief optree in situasies nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 4.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.18.2 te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.18.3 | Lien sou moontlik/dalk ...<br>• nie so goed gedoen het in matriek soos sy kon nie.<br>• vir die res van haar lewe moes bedel.<br>• soos Tibbey raakgery kon word.<br>• deur iemand soos Sproet misbruik kon word.<br>• nie die hulp gekry het wat sy en haar gesin nodig gehad het nie.<br>• nie toelating vir studies gekry het nie.<br>• haar tot prostitusie wend om geld te maak.<br>• iets verkeerds doen wat haar skaam maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 4.19.1 | Met Lien se besoek aan haar pa in die tronk./Toe Lien haar pa vergewe het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 4.19.2 | • Lien kon wys hoe seer haar pa se optrede haar en die gesin gemaak het.<br>• Lien kon hoor wat haar pa se redes en verduideliking was.<br>• Lien kon sien dat haar pa oud en hartseer lyk.<br>• Lien kon haar pa nie meer haat soos sy wou nie/hom vergewe.<br>• Lien het onthou hoe hy altyd na haar gekyk het en sy wou huil.<br>• Lien het jammer gevoel vir haar pa wat wonder of hulle hom ooit sou vergewe.<br>• Lien het vir hom droëwors gegee/sy hand vasgehou/sleg gevoel toe sy haar hand weggetrek het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde Vraag 4.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.19.2 te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.20 | • Lien se ma wat so dronk was/elke keer wat sy dronk op die vloer gesit en musiek luister het/Lien en Wouter wat haar in die bed moes sit/Haar ma wat die boks wyn uithaal. (Enige insident wat verband hou met die ma se drankmisbruik)<br>Haar ma het nie haar kinders raakgesien nie/Lien moes toe die versorger word/wat kla oor die duur kos.<br>• Braam het na die ou video's gekyk.<br>Braam kon met niemand oor sy pa praat nie/Braam het nodig gehad om met iemand te kon praat oor sy pa, ma en lewe.<br>• Lien wat die yskas oopmaak en daar is byna niks in nie.<br>'n Kind behoort nie so te leef nie.<br>• Die aand na die Sproet-insident.<br>In so 'n tyd het 'n dogter haar ma nodig.<br>• Toe Lien se ma weer begin drink het/haar werk verloor het/elke keer net roereiers en roosterbrood gemaak het om te eet.<br>Lien wat vir haarself wyn skink uit desperaatheid en dit drink/die klavier gespeel het en geskree het dat hulle dit kan verkoop vir kosgeld/'n Kind behoort nie so te leef nie.<br>• Lien wat alles in die huis moes doen.<br>‘n Kind is nie veronderstel om alles in die huis te doen nie.<br>• Deon wat by Braam kuier.<br>Lien wat moes hoop hy wou nie daar eet nie, want daar was nie genoeg kos nie.<br>• Die kere toe Lien alleen in die huis was.<br>Dit beklemtoon haar hartseer en eensaamheid.<br>*(Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Die insident moet regtig relevant wees en die motivering moet daarby pas.)* | | (2) |
| | | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | | **35** |

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

| VR NR | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Lambertsbaai | | (1) |
| | | | |
| 5.2 | • Poppie het daarvan gehou om saam met ouma Hannie te gaan hout maak in die veld.<br>• Poppie het geweet sy is na aan Ouma Hannie se hart.<br>• Ouma Hannie het haar geleer hoe om die hout op haar kop te dra.<br>• Ouma Hannie het haar die Xhosa-geloof/gebruike geleer.<br>• Dit was 'n tyd van 'n gelukkige gesinslewe.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 5.3 | Jakkie/haar lieflingbroer/jongste broer/Jakkalsie/Eric | | (1) |
| | | | |
| 5.4 | A/lief vir | | (1) |
| | | | |
| 5.5 | • **Vóór** die tyd wou Poppie nie trek nie, want sy wou nie vir Stone alleen agterlaat nie.<br>• **Ná** hulle die huise begin platslaan het, het sy gevrees vir haar lewe en wou sy trek.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 5.6.1 | D/Poppie het nie 'n permanente werkspermit in die Kaap gekry nie. | | (1) |
| | | | |
| 5.6.2 | A/Die kinders het gewys hulle het hulle respek vir die grootmense verloor. | | (1) |
| | | | |
| 5.6.3 | B/Bonsile was ontevrede om in Mdantsane te gaan bly. | | (1) |
| | | | |
| 5.6.4 | E/Poppie se dogters het by haar skoonouers gaan woon. | | (1) |
| | | | |
| 5.7 | Ouma (Hannie)<br>Poppie | | (2) |
| | | | |
| 5.8 | • Poppie moes skool verlaat.<br>• Poppie kon nie (soos haar broers) kind wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 5.9 | Onskuldige mense/kinders kry swaar omdat hulle ...<br>• deur bendes betrek word by sake wat niks met hulle te doen het nie.<br>• in die middel van ander mense se geweld beland.<br>• deur gevoellose mense misbruik word.<br>• steeds 'n politieke speelbal is.<br>• nie gevra het om buite die huwelik gebore te word nie/ouers nie vir hulle kan sorg nie.<br>• steeds die onskuldige slagoffers van misdaad is/in onluste sterf.<br>• steeds die slagoffers van grootmense se probleme/geweld/haat is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.10 | Ja.<br>• Stone het besluit om …<br>  o enige werk te doen om geld te verdien.<br>  o by Philippi melkery te gaan werk/in minder ideale omstandighede te gaan werk.<br>• Stone was hardwerkend/onselfsugtig/netjies op homself en sy kleredrag/hy het sy gesondheid in gevaar gestel om 'n werk, huis, verblyfpermit te kry/hy het goed vir Poppie en sy kinders gesorg/homself afgeskeep om geld vir hulle te gee.<br>• Stone het besluit om met baie min in die Kaap tevrede te wees om vir sy gesin in Mdantsane te sorg./Poppie en sy gesin nie met sy te belas gesondheidsprobleme nie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.11 | • Geloof<br>Ouma Hannie het vir Poppie geleer hoe belangrik kerk is sodat sy haar kinders ook so kon grootmaak.<br>• Liefde vir haar kleinkinders<br>Poppie het ook vir haar kleinkind gesorg.<br>• Liefde vir haar eie kultuur<br>Sy het die kinders gedwing om ook isiXhosa te leer praat/Sy was erg oor haar kultuur.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |
| | | | |
| 5.12 | Die kinders het ...<br>• die grootmense gedwing om baie water te drink.<br>• 'n veer in hulle kele gedruk om hulle te laat braak/naar te laat word.<br>• die grootmense geslaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 5.13 | Jakkie het ...<br>• saam met die kinders betoog.<br>• 'n polisieman geskiet/hom skuldig gemaak aan poging tot moord en sabotasie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 5.14 | • Ná Stone se dood het sy sonder 'n permit in die Kaap gaan werk.<br>• Die polisie het gesê almal moes direk na hulle huise gaan en Poppie het eers water by die kraan gaan haal.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 5.15 | negatief/desperaat/wanhopig<br>Hy het nie hoop gehad nie/het gedink daar is geen kans/toekoms vir hulle nie/was bereid om te sterf vir sy oortuigings.<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 5.16 | C/vir Poppie wou help. | | (1) |
| | | | |
| 5.17.1 | Die polisie | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.17.2 | Die polisie kon …<br>• die gevegte gestop het.<br>• ophou om geweld aan te moedig.<br>• met die twee groepe vergader het.<br>• kinders gevang het.<br>• drankverkope beheer het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 5.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 5.17.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 5.18.1 | onregverdigheid teenoor mense. | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.18.2 | • As ek in 'n posisie van gesag is, sal ek twee keer dink voordat ek mense dwing om iets te doen sonder om eers met hulle daaroor te gesels.<br>• Ek sal mense nie sonder rede uit hulle gevestigde behuising verskuif nie.<br>• Ek sou beter verstaan/simpatie hê met mense wat gedwing word om iets teen hulle sin te doen.<br>• Ek moet bewus wees daarvan dat mense my dalk onregverdig sal behandel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 5.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 5.18.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 5.18.3 | Poppie sou moontlik/dalk ...<br>• 'n werkspermit in die Kaap kon kry/makliker 'n pas kon kry.<br>• in die Kaap/by haar man kon aanbly.<br>• nie nodig gehad het om gedurig van werk te verander nie.<br>• nie na Mdantsane gestuur word nie.<br>• haar skoolgaande kinders by haar kon hou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 5.19.1 | Ná Vukile se dood.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 5.19.2 | **Vroeër** het Poppie geveg vir alles wat sy wou gehad het, maar **ná** Vukile se dood het sy besef dat die lewe moet aangaan/sy nie die gang van die lewe kan bepaal nie/die mens wik, maar God beskik.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 5.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 5.19.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 5.20 | • Mrs Swanepoel het vir Poppie komplimente gegee/haar menswaardig behandel/goed betaal/was regverdig teenoor haar.<br>Mrs Swanepoel het raakgesien dat sy 'n goeie en harde werker is.<br>• Mrs Swanepoel het vir Poppie haar pas uitgesorteer.<br>Mrs Swanepoel het gesien hoe Poppie moes sukkel om 'n pas te kry.<br>• Mrs Swanepoel het vir Poppie gesê hoe nodig sy haar het.<br>Poppie het net altyd gewerk sonder om gewaardeerd te voel.<br>*(Enige EEN optrede of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | **[35]** |

**VRAAG 6: *PALJAS* –Chris Barnard**

| VR NR | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Manuel/die nar | | (1) |
| | | | |
| 6.2 | Nollie het ...<br>• vir Hendrik plate gebring.<br>• saam met Hendrik op die stoep gekuier.<br>• saam met Hendrik 'n knertsie/dop gedrink.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| 6.3 | Hy kon ...<br>• 'n klomp sakdoeke aan mekaar vas toor.<br>• met balletjies goël/(plastiek)balletjies uit sy mond laat kom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 6.4 | C/nie herinner wou word aan Willem se probleem nie. | | (1) |
| | | | |
| 6.5 | • **Vóór** die insident het hulle baklei/nie oor hulle probleme gepraat nie/'n swak verhouding gehad.<br>• **Ná** die insident het hulle vir die eerste keer oor hulle probleme gepraat/hulle verhouding het verbeter.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 6.6.1 | D/Hendrik het gereeld na kleiner stasies toe getrek. | | (1) |
| | | | |
| 6.6.2 | A/Die dorpsmense het skinderstories oor Willem versprei. | | (1) |
| | | | |
| 6.6.3 | B/Emma het begin klavier speel. | | (1) |
| | | | |
| 6.6.4 | E/Nollie kon Emma oorreed om saam Volstruisdans toe te gegaan. | | (1) |
| | | | |
| 6.7 | Emma<br>Jan Mol | | (2) |
| | | | |
| 6.8 | Oudokter het gesê dat ..<br>• dit Hendrik se skuld was dat Willem nie praat nie.<br>• dit 'n angstoestand was.<br>• Willem geskrik het vir iets/bang was vir iets.<br>• Willem iets gesien het wat hy nie kon verwerk nie.<br>• Willem net doodgewoon ongelukkig met die lewe was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 6.9 | • Gesinslede kommunikeer steeds nie goed/op die regte manier met mekaar nie.<br>• Jaloesie vernietig steeds gesinne.<br>• Spanning affekteer steeds gesinne om normaal en spontaan te funksioneer.<br>• Gesinne met swak verhoudinge kan nie oor belangrike sake met mekaar praat nie.<br>• Rondtrek van plek tot plek dra by tot die onstabiliteit van die gesin.<br>• Baie gesinne is ongelukkig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.10 | Ja.<br>• Hendrik het Katrien/sy gesin gekomplimenteer.<br>• Hendrik is ordentlik/spoggerig aangetrek vir die geleentheid.<br>• Hendrik se lawwe gedigaanhalings sorg vir 'n vrolike/gelukkige atmosfeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 6.11 | • Respek<br>Hy het haar nooit gedwing om iets teen haar sin te doen nie/het haar eer teen ander mans verdedig.<br>• Geduld<br>Hy het Emma tyd gegee om te besluit wat sy wou hê.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |
| | | | |
| 6.12 | • Jan Mol het hom geskiet./Hy is geskiet.<br>• Hendrik het hom die huis ingedra (sodat hulle hom kon versorg).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 6.13 | (Sy) konsertina. | | (1) |
| | | | |
| 6.14 | Hendrik het ...<br>• Manuel gehelp toe hy seergekry het.<br>• 'n vreemde man in sy huis ingebring.<br>• die dorpsmense ná die Volstruisdans vergewe/in sy huis verwelkom.<br>• Jan Mol se geweer teruggegee.<br>• nooit vir Frans geslaan/verwilder nie, (al was Hendrik baie jaloers en kwaai).<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 6.15 | dankbaar/vriendelik/positief/simpatiek<br>• Manuel se paljas het sy gesin gesond gemaak/Willem weer laat praat.<br>• Hy praat met hom asof hy 'n ou vriend is./Hendrik maak grappies met Manuel/help hom genees.<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 6.16 | D/rusteloos begin word het. | | (1) |
| | | | |
| 6.17.1 | Die dorpsmense/groepe/enkelinge in die dorp bv. Jan Mol/gemeentelede /kerkraadslede<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.17.2 | • Die dorpsmense kon ...<br>○ die waarheid praat.<br>○ ophou om skinderstories/liegstories oor Willem te versprei.<br>○ begrip getoon het vir dit waardeur die McDonalds gegaan het.<br>○ hulle eie opinies oor die McDonalds vorm eerder as om die dominee blindelings te volg/kon die McDonalds eerder leer ken het voor hulle hul opinies gevorm het.<br>• Ander kerkmense kon 'n hand van vriendskap/ondersteuning aan die gesin gegee het.<br>• Jan Mol kon aan die dominee en die McDonalds erken het dat hy stories/skinderstories versprei het en om verskoning vra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 6.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.17.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 6.18.1 | swak kommunikasie in gesinne | | (1) |
| | | | |
| 6.18.2 | • Ek sal ...<br>○ leer om beter met my gesinslede te kommunikeer.<br>○ leer om te praat oor dinge wat saakmaak.<br>○ tyd maak om met my gesin te gesels.<br>○ daarop fokus om te sê hoe ek regtig voel.<br>○ soms met mense swak kommunikeer en dit sal lei tot misverstande.<br>• Goeie kommunikasie sal my verhoudings met mense verbeter.<br>• Swak kommunikasie sal my verhoudings met mense versleg.<br>• Mense sal soms swak met my kommunikeer en dit sal lei tot misverstande.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 6.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.18.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 6.18.3 | Die gesin sou moontlik/dalk ...<br>• steeds nie belangrike sake met mekaar bespreek het nie.<br>• ongelukkig gebly het.<br>• teruggeval het op hul ou manier van dinge doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 6.19.1 | • Toe hulle saam na die perdeblomme gaan kyk het.<br>• Toe Emma foutloos klavier gespeel het en Nollie dit waardeer het.<br>• Die aand ná die Volstruisdans<br>*(Enige EEN osoortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 6.19.2 | Emma ...<br>• was speels/effe flankerend.<br>• het nie haar hand weggetrek toe Nollie sy hand op hare neergesit het nie/foutlose harmonie na die klavierspel.<br>• het nie weggetrek toe Nollie haar probeer soen nie/was alleen saam met Nollie in die eetkamer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 6.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.19.2 te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.20 | • Nollie wat vir Emma met sy fiets omgestamp het.<br>Nollie wou so graag 'n goeie indruk maak/'n verhouding hê dan gebeur so iets.<br>• Nollie wat Emma onkant in die sinkbad gevang het.<br>Emma kon nie uitklim nie en moes na Nollie luister/sy uitnodiging aanvaar.<br>*(Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | **[35]** |

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

| VR NR | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Fiela (Komoetie)/Sy ma | | (1) |
| | | | |
| 7.2 | • Benjamin moes aan die magistraat kon bewys die Komoeties is nie arm/kaalgat nie/kon vir hom sorg.<br>• Die vyf sjielings was vir "ingeval" (die magistraat vra of hy geld het.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 7.3 | Barta was bang ...<br>• die boswagter sou die merke sien.<br>• Elias sou in die moeilikheid beland.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 7.4 | D/desperaat | | (1) |
| | | | |
| 7.5 | • **Vóór die eerste besoek** aan Knysna was Fiela optimisties/bang maar hoopvol/vol vertroue/positief./Fiela was kwaad/onrustig/ onseker/bekommerd/desperaat.<br>• **Ná die eerste besoek** was Fiela hartseer/verslae/omgekrap/ moedeloos/ontmoedig/kwaad/ontsteld/het sy gevoel asof daar 'n vonnis oor haar uitgespreek is/asof iets afgesterf het sonder dat jy kon groet/'n gevoel van onwerklikheid beleef.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 7.6.1 | C/Die magistraat het uitspraak gegee in die hofsaak. | | (1) |
| | | | |
| 7.6.2 | D/Fiela het vir Lukas/Benjamin die Laghaans se grond gegee. | | (1) |
| | | | |
| 7.6.3 | A/Lukas/Benjamin het Lange Kloof toe gegaan. | | (1) |
| | | | |
| 7.6.4 | B/Lukas/Benjamin het vir Kaliel ontmoet. | | (1) |
| | | | |
| 7.7 | • Barta<br>• (Ant) Gertjie<br>• Elias<br>*(Enige TWEE)* | | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.8 | Nina kon haar geheim/bottels/liefde vir musiek met iemand/hom/'n maat deel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 7.9 | Mense ...<br>• hou nie hulle beloftes nie.<br>• maak maklik misbruik van ander mense se onkunde/van hulle mag.<br>• vertrou die wet en word dan teleurgestel.<br>• se toekoms/lot is steeds in die hande van dié met mag.<br>• se bevooroordeeldheid/idees oor ander bepaal steeds hulle aksies.<br>• vertel steeds leuens/lieg/bedrieg/behandel mense sleg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 7.10 | Nee.<br>• Nina het Elias se opdrag om nie Bos toe te gaan nie, geïgnoreer.<br>• Nina het geen respek vir haar pa/Elias gehad nie.<br>• Nina was rebels/opstandig/het teëgepraat/het haar pa se reëls gebreek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 7.11 | • Onmenslik/nie menslik nie<br>Elias het gesê hy sal Fiela deur die magistraat laat vang/Fiela weggejaag/gedreig om die hond op haar te steek as hy honde sou hê.<br>• Onbeskof/ongemanierd/ongeskik/kortaf<br>Hy het lelik met Fiela gepraat.<br>• Rassisties/meerderwaardig<br>Hy het sonder respek van Fiela gepraat/haar 'n bruinvel genoem.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |
| | | | |
| 7.12 | • Om te gaan werk/Die Boswagter/Mister Kapp het vir haar werk gekry/ Nina moes gaan kinders oppas.<br>• Nina moes gaan werk vir geld vir die Van Rooyens/Nina moes gaan geld verdien om vir Elias te gee.<br>• Nina was te oud om net in die Bos rond te loop.<br>• Elias het so besluit/Nina was net nog 'n mond om te voed./Nina as arbeider in die Bos beteken weinig vir Elias.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 7.13 | Miss Weatherbury/die Engelsvrou/die vrou by wie Nina (in Knysna/op die dorp) gewerk het. | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.14 | • Die besluit wat Fiela gemaak het om Benjamin in te neem.<br>• Die sensusmanne het besluit om Benjamin se lewe/kindwees by Fiela weg te vat/Fiela by die magistraat te rapporteer.<br>• Die besluit wat die sensusmanne geneem het om nie vir Fiela saam Knysna toe te vat nie, het veroorsaak dat sy nie in die hof was toe Mr. Goldsbury sy finale beslissing gegee het nie.<br>• Die besluit wat Lange gemaak het om in Barta se oor te fluister dat sy die seun met die blou hempie moes kies.<br>Barta het in die hof gesweer Benjamin is haar verlore kind/seun.<br>• Die besluit deur Barta om te lieg, sy het tog geweet dat Benjamin nie haar kind was nie.<br>Die magistraat het besluit dat hy saam met die Van Rooyens moet gaan./Die magistraat het besluit om Fiela te belet om na hom toe te gaan.<br>• Die besluit van John Benn om Lukas werk aan te bied het hom die geleentheid gegee om nie weer terug Bos toe te gaan nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 7.15 | Hy was lief vir Fiela/trots op haar/het haar waardeer/positief oor haar gevoel/haar respekteer/bewonder/opgekyk na haar/haar as rolmodel gesien.<br>Fiela het hom die regte waardes in die lewe geleer/geleer hoe om die beste van 'n slegte saak te maak/hoe om te oorleef/wat dit is om liefde in 'n gesin te hê/geleer om nie op te gee nie./Hy dink heeltyd aan Fiela/haar woorde/lesse.<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 7.16 | B/met haar geheim vertrou het. | | (1) |
| | | | |
| 7.17.1 | Barta | | (1) |
| | | | |
| 7.17.2 | Sy moes net erken dat sy die verkeerde kind gekies het/gelieg het./Sy kon hulle die waarheid vertel het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 7.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.17.2 te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 7.18.1 | die soeke na identiteit | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.18.2 | • Ek sal ...<br>○ ander mense wat deur hierdie soeke gaan, beter verstaan.<br>○ besef dat my soeke na identiteit normaal is.<br>○ verstaan dat dit normaal is om te wonder waar jy hoort/inpas.<br>○ wonder oor die pad wat my lewe gaan loop.<br>○ self kan kies wie ek wil wees/waar ek hoort/inpas.<br>• As ek weet wie ek is /waar ek hoort, sal ek meer selfversekerd deur die lewe gaan, meer suksesvol wees./besef ek is nie beter of slegter as ander nie.<br>• Hierdie tema sal nie my lewe beïnvloed nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 7.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.18.2 te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.18.3 | • Lukas/Benjamin sou dalk/moontlik nie ...<br>  ○ nodig gehad het om so identiteitsloos te voel nie.<br>  ○ so geworstel het met sy gevoelens vir Nina nie.<br>  ○ Bos toe hoef te gegaan het nie/hoef weg te gegaan het van Fiela-hulle af nie.<br>• Fiela sou die geleentheid gekry het om te wys dat sy beter vir Benjamin kon sorg as Barta.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 7.19.1 | • Nadat Nina by Miss Weatherbury/die Engelse vrou begin werk het.<br>• Toe Nina self oor werk in Knysna besluit het.<br>• Toe Benjamin/Lukas ook in Knysna was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 7.19.2 | • Nina het begin opstaan teen Elias/wou nie meer haar geld vir hom gee nie.<br>• Nina wou nie meer Bos toe/na haar ouers toe gaan nie.<br>• Nina het meer soos 'n dame/beskaafd begin optree.<br>• Nina was nie meer alleen nie/was gelukkig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde Vraag 7.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.19.2 te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.20 | • Toe Fiela gebid het dat die sensusmanne nie vir Benjamin moet sien nie/Toe die sensusmanne Benjamin sien en so geskok reageer, het Fiela so gebid dit moes nie gebeur nie.<br>Fiela was bekommerd omdat Benjamin 'n wit kind by 'n bruin gesin was.<br>• Toe die sensusmanne Fiela sonder respek behandel het.<br>Die sensusmanne het neerhalend/lelik met Fiela gepraat.<br>• Toe Benjamin van sy ouers af weggeneem is en saam met vreemde mense moes gaan.<br>Dat 'n klein seuntjie van sy ma af weggevat is net om ‘n man se krag te wys./Benjamin het net vir Fiela/die plaas/Langekloof/die Komoeties geken.<br>• Die sensusmanne wat vir Benjamin uitgevra het.<br>Hy was nog 'n kind/het nie besef watter gevolge die ondervraging kon inhou nie.<br>• Benjamin is as baba by Fiela se deur gelos.<br>Dit het Benjamin se identiteitskrisis veroorsaak.<br>• Fiela het nie in die hof kans gekry om haar saak te stel nie.<br>Lukas is aan die van Rooyens toegeken./Dit is onregverdig.<br>• Toe Benjamin oor en oor vir die magistraat gesê het dat hy Fiela Komoetie se hanskind was.<br>'n Kind praat uit sy hart uit.<br>• Toe die Magistraat sê Benjamin is 'n Van Rooyen.<br>Die verlies van sy liefdevolle kindwees.<br>*(Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | | **35** |

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING C : KORTVERHALE** | | |
| | | |
| **VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*** | | |
| | | |
| **8.1: 'VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND' – Dana Snyman** | | |

| **VR NR** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 8.1.1 | Tshing | (1) |
| | | |
| 8.1.2 | Johannes ...<br>• het sy huis se deur met trots oopgesluit om die binnekant vir die verteller te wys.<br>• kon vertel waar hy (al) sy boumateriaal gekry het.<br>• kon vir die verteller al die projekte binne en buite sy huis wys waarmee hy nog besig was.<br>• kon wys dat hy alles self gedoen het.<br>• het nie 'n oomblik gehuiwer toe die verteller hom uitvra nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | (2) |
| 8.1.3 | (Drie) dakplate/materiaal vir sy dak/sinke | (1) |
| | | |
| 8.1.4 | B/respek | (1) |
| | | |
| 8.1.5 | • **Vóór** hy die binnekant van Johannes se huis gesien het en met hom gesels het, het hy gedink Johannes se huis is maar net 'n gewone huis soos al die ander in die township./Die verteller het sy huis as 'n sinkkaia/'n makuku gesien voordat hy ingegaan het.<br>• **Ná** die gesprek en nadat die verteller die binnekant gesien het, het hy besef dat dit 'n unieke/besonderse huis/eie aan Johannes is/'n huis wat Johannes se lewensverhaal vertel./Die verteller het besef hoe spesiaal die huisie is/waardeer hoe Johannes van weggooigoed 'n huis vir hom gemaak het/besef hoe waardevol die ou besittings vir Johannes is.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (2) |
| | | |
| 8.16 (a) | B/Die verteller het Johannes se huis besoek. | (1) |
| | | |
| 8.1.6 (b) | D/Johannes het groen verf present gekry. | (1) |
| | | |
| 8.1.6 (c) | A/Johannes het 'n nommerplaat bokant sy voordeur gehang. | (1) |
| | | |
| 8.1.6 (d) | C/Die verteller het agtergekom wat Johannes se regte naam was. | (1) |
| | | |
| 8.1.7 | • Lifebuoy/seep<br>• tabak<br>• paraffien<br>• piesangs<br>• sweet<br>*(Enige TWEE)* | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.1.8 | • Dit was vroeër hulle bank.<br>• Dit herinner die verteller ...<br>  ○ aan sy kinderjare/die TV-kinderprogramme wat hy op daardie bank gekyk het.<br>  ○ aan sy ma (wat die bank by Beares gekoop het).<br>  ○ aan sy huis waar hy grootgeword het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 8.1.9 | • Ons is geneig om neer te kyk op mense wat gewone werke doen.<br>• Mense dink maklik dat 'n tuinwerker geen ander belangstelling/talent /geleerdheid het nie/se huis bouvallig is.<br>• Mense doen nie altyd moeite om tuinwerkers beter te leer ken/oor hulle belangstellings/opvoeding uit te vind nie.<br>• Ons leef by mekaar verby sonder om moeite te doen om mekaar beter te leer ken.<br>• Mense het steeds vooropgestelde/stereotipiese idees oor mense/groepe mense/beroepe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.1.10 | Ja.<br>Die verteller se pa het ...<br>• vir Johannes die goed gegee wat hy nie meer gebruik het nie/vir Johannes uitgehelp.<br>• nie die goed wat hy nie meer wou hê, net weggegooi nie.<br>• nie die goed wat hy nie meer wou hê aan Johannes probeer verkoop nie.<br>• goed na sy werker omgesien/sy werker met respek hanteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 8.1.11 | • Tevredenheid<br>Dit wat Johannes het, maak hom gelukkig.<br>• Dankbaarheid<br>Johannes is dankbaar vir die eenvoudigste goed wat hy kry, want dit maak 'n verskil aan sy lewe/huis.<br>• Nederigheid<br>Johannes het nooit gespog met sy belangrike rol in die kerk nie/het die eenvoudige naam, Johannes, behou.<br>• Eerbied/Respek<br>Johannes spreek die verteller as *Makosi* aan.<br>• Trots<br>Hy was nie skaam dat die verteller sy huis sien of ingaan nie/het openlik gepraat oor hoe hy die materiaal vir sy huis bymekaar gemaak.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)* | | (2) |

| 8.2 'DIE ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN' – Margaret Bakkes | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **VR NR** | **ANTWOORD** | | **PUNT** |
| 8.2.1 | Die verteller ...<br>• het sy tibia en fibula (been) gebreek.<br>• was lank uit die skool.<br>• kon nie sokkiejol toe gaan nie.<br>• het sy meisie verloor.<br>• het sy vriende verloor.<br>• kon nie direk na matriek gaan studeer nie.<br>• was afhanklik van sy ma om hom oral met die motor te neem.<br>• het slapelose nagte gehad.<br>• was vir vier maande in gips en op krukke.<br>• kon nie weermag toe gaan nie.<br>• het as gevolg van die ongeluk in die wildtuin beland as natuurbewaarder.<br>• moes 'n beenoorplanting van sy heup kry om die been reg te laat aangroei wat sy lewe verder ontwrig het.<br>• het embolus ontwikkel wat sy lewe in gevaar gestel het.<br>• se een been was korter as die ander een.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.2.2 | Sy broer | | (1) |
| | | | |
| 8.2.3 | Die dokters het gesê dit sou ses weke duur om gesond te word en dit het vier maande geword.<br>Die regering het gesê dat die vyand nie meer bestaan nie, maar daar was steeds weermagdiens.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 8.2.4 | gelukkig/tevrede/vervuld/hoopvol/positief<br>• Hy is waar hy graag wil wees.<br>• Die natuur maak hom rustig.<br>• Sy lewe maak nou sin.<br>• Hy het geglo dat hy weer liefde kon vind (by iemand wat ook in die natuur wou werk en woon).<br>*(Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | |
| 8.2.5 | C/vrede gemaak het met sy verlede. | | (1) |
| | | | |
| 8.2.6 (a) | • Sy pa/die verteller se pa<br>• Die dokters<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 8.2.6 (b) | • Die pa kon met die ma gepraat het om die verteller meer ruimte/ vryheid om sy eie besluite te maak, te gee.<br>• Die dokters kon vir sy ma sê dat sy emosionele welstand belangrik is.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 8.2.6 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 8.2.6 (b) te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.2.7 (a) | traumatiese gebeure te verwerk. | | (1) |
| | | | |
| 8.2.7 (b) | Ek sal ...<br>• weet dat trauma op verskeie maniere verwerk kan word.<br>• in die natuur antwoorde gaan soek vir my trauma/probleme.<br>• luister na die raad van ander mense oor hoe om my trauma te verwerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 8.2.7 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 8.2.7 (b) te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 8.2.7 (c) | Die verteller sou dalk/moontlik ...<br>• met depressie in 'n hospitaal beland het/erger depressie gehad het/nie rigting in sy lewe kon kry nie/doelloos wees/nooit gelukkig wees nie.<br>• 'n swakker verhouding met sy gesin hê.<br>• al meer vereensaam het, (want sy vriende sou nie meer kom kuier nie.)<br>• nie in sy geliefde natuur kon wees en gesond word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.2.8 (a) | • In die lang maande na sy operasie/Na sy ongeluk.<br>• Toe hy vir 'n jaar lank Caprivi toe sou gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 8.2.8 (b) | Toe sy meisie ...<br>• moeg was omdat hy gedurig befoeterd was.<br>• besef het dat hy nie sokkiejol toe kon gaan nie.<br>• besef het hy gaan lank met 'n gipsbeen sit.<br>• nie langer die reuk van die gipsbeen kon verduur nie.<br>• nie bereid was om hom vir 'n jaar lank nooit te sien nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde Vraag 8.2.8 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 8.2.8 (b) te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 8.2.9 | • Jaap het planne gemaak.<br>Hy wou hom laat vergeet van die operasie/sy siekte/hom bevry.<br>• Jaap het hom na sy oom se wildsplaas genooi.<br>Die verteller het besef dat die natuur hom sou genees.<br>• Jaap het hom nooit in die steek gelaat nie.<br>Hy het hom deur alles bygestaan/wou hom opbeur/Jaap het altyd sy vriend gebly.<br>*(Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| | | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | | **35** |

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 'BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN' – Marita van Aswegen

| VR NR | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 9.1.1 | By die vis-en-tjipswinkel (in Eerstelaan)/Tjipswinkel | | (1) |
| | | | |
| 9.1.2 | • Verbygangers<br>• Mense wat hom daar sien staan<br>• Mense wat by die verkeerslig stilhou/motoriste<br>• Die dogtertjie se ma/die vrou<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 9.1.3 | • (Hy hoor) die geld in die blikkie val/die geklingel/geluid van geld wat in die blikkie val/geld klingel in die blikkie.<br>• Die vrou het vir hom gesê daar is nog tien rand.<br>*(Enige een of soortgelyk. Aanvaar ook gepaste aanhalings)* | | (1) |
| | | | |
| 9.1.4 | • "ingehaak"<br>• "volg"<br>*(Enige een)* | | (1) |
| 9.1.5 (a) | Klanknabootsing/onomatopee | | (1) |
| | | | |
| 9.1 5 (b) | • Die bedelaar is blind.<br>• Die bedelaar moet op sy gehoor staatmaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 9.1.5 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 9.1.5 (b) te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 9.1.6 | Die tsotsi/persoon is wreed/gevoelloos/aggressief/dominerend/aaklig/ gevaarlik/skelm/dreigend/agterbaks/'n slegte persoon/koud/soos 'n slang.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 9.1.7 | geweet waar die blyplek is nie. | | (1) |
| | | | |
| 9.1.8 (a) | C/assonansie | | (1) |
| | | | |
| 9.1.8 (b) | D/personifikasie | | (1) |
| | | | |
| 9.1.8 (c) | A/vergelyking | | (1) |
| | | | |
| 9.1.8 (d) | E/eufemisme | | (1) |
| | | | |
| 9.1.9 | B/goeie maniere gehad het | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.1.10 (a) | uitbuiting | | (1) |
| | | | |
| 9.1.10 (b) | Ek sal ...<br>• oplet of mense uitgebuit word.<br>• meer bedag wees op bedelaars en hulle doen en late/hulle nie ignoreer nie.<br>• kyk of daar tsotsi's in die omgewing is waar mense bedel.<br>• mense wat uitgebuit word/swaarkry/minderbevoorregte mense probeer ondersteun.<br>• begrip toon vir ander se lyding/moeilike omstandighede.<br>• probeer om mense goed te behandel/meer empatie/simpatie met bedelaars hê.<br>• nie sommer my geld vir enige bedelaar gee nie.<br>• eerder kos en nie geld gee nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 9.1.10 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 9.1.10 (b) te verdien.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.1.11 | • Simpatie/Meegevoel/Besorgdheid<br>Die dogtertjie sien die bedelaar se nood raak/dat hy swaarkry.<br>• Empatie/Omgee<br>Die dogtertjie wys vir haar ma dat 'n mens moet omgee vir ander.<br>• Begrip/Sensitiwiteit<br>Sy praat sag sodat hy nie hoor en verleë voel nie.<br>• Oplettend<br>Sy besef/sien dat hy bedel/blind is en oortuig haar ma om nog R10 te gee.<br>*(Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |

| **9.2 'PRYSLIED' – Antjie Krog** | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **VR NR** | **ANTWOORD** | | **PUNT** |
| 9.2.1 | "sandkliphart" | | (1) |
| | | | |
| 9.2.2 (a) | langer/beter | | (1) |
| | | | |
| 9.2.2 (b) | sand<br>*(Aanvaar ook sandkleurige)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.2.2 (c) | wegsteek/beheer/binnehou | | (1) |
| 9.2.3 | Hy is beter as al die ander/die beste kandidaat/beter leier/uitgestaan in 'n groep.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| 9.2.4 | Met **houtskool**/die kleur van houtskool.<br>Met **as**/die vaal kleur van as.<br>*(Aanvaar aanhaling van reël 5)* | | (2) |
| 9.2.5 | (Dit dui op) sagte hande/dik palms/baie vleis aan die palms. | | (1) |
| 9.2.6 | skraal skouers staan/skraal skouers/skouers staan | | (1) |
| 9.2.7 | "pimpernel" | | (1) |
| 9.2.8 | • Om uit te hef/te beklemtoon wat hom legendaries/beroemd /opspoorder van harte gemaak het.<br>• Dui aan dat 'n verduideliking/ekstra inligting volg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| 9.2.9 | ('n Stemming van) lofprysing/vreugdevolle/gelukkige/blye/trotse/ feesvierende/ubuntu/gewyde/respekvolle/eerbiedige/vererende/ bewonderende/patriotiese/prysende/motiverende<br>*(Die kern van die stemming moet duidelik aangedui word.)* | | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.2.10 | "vandag"/ "'n klein swart ster priem op sy bo-lip"/"vrede, die ma van groot nasies"<br>*(Aanvaar ook "Nelson Rolihlahla Mandela")*<br>*(Enige EEN)* | | (1) |
| 9.2.11 | vrye vers | | (1) |
| 9.2.12 | Die digter **prys** Nelson Mandela se goeie kwaliteite/prysname word in die beskrywing gebruik.<br>Die **lied** dui op die sangerige effek/dis vol emosie/gevoel/die herhaling van woorde/frases skep die idee van 'n lied/liries.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (2) |
| 9.2.13 | • Hy het mense laat saamstaan/weer bymekaar gekry (om deel te wees van mekaar)/gelukkig gemaak/heel/gesond gemaak/se harte aangespreek.<br>• Hy was 'n goeie politikus/politieke leier./Hy het vrede/rustigheid tussen die mense gebring/rasseverhoudings herstel/was nie vol haat nie/het gehelp om Suid-Afrika 'n groot nasie te maak/aangemoedig om mekaar in die oë te kyk/was uitgesproke of energiek in sy stryd teen Apartheid.<br>*(Enige TWEE eienskappe of soortgelyk aan bogenoemde. Die EEN punt gaan oor sy omgee vir mense en die TWEEDE oor sy rol as politieke leier.)* | | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | **[35]** |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING D:** | | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | | **70** |